**SOSIALE MERKERS VAN HOËKONFLIKEGSKEIDINGS**

**WAARBY KINDERS BETROKKE IS**

**C. Zeeman**

**orcid.org/0000-0002-4295-1766**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Magister in Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit

Supervisor: Dr Sufran Smith

Gradeseremonie: Junie 2021

Studentenommer: 25539558

## VERKLARING

Deur hierdie verhandeling elektronies in te dien, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Noordwes-Universiteit nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.



2 November 2020

............................................................ .............................................

**CARIEN ZEEMAN** **DATUM**

## VOORWOORD

Mevrou C Zeeman is ŉ meestersgraadstudent in Maatskaplike Werk (forensiese praktyk) by die Noordwes-Universiteit. Dr Smith is ŉ senior lektor by die Skool van Psigososiale Gedragswetenskappe, afdeling Maatskaplike Werk te Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit. Hierdie navorsing is uitgevoer onder die navorsingsfokusarea Gemeenskaps-Psigososiale Navorsing (Engelse afkorting: COMPRES).

Hierdie verhandeling word aangebied in artikelformaat volgens die riglyne soos uiteengesit in die Handleiding vir Nagraadse Studies (2020) van die Noordwes-Universiteit.

Hierdie artikel sal voorgelê word aan: *Maatskaplike Werk/Social Work*.

## BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hul bydrae tot hierdie studie:

- My Skepper, sonder wie se genade en krag ek niks sou kon doen nie.
- Adriaan, my man – dankie vir jou daaglikse onvoorwaardelike liefde, ondersteuning en geduld.
- My familie en skoonfamilie vir hul ondersteuning en liefde.
- Dr Sufran Smith vir haar kundigheid, bevoegde studieleiding en ondersteuning.
- Mnr. Petrus Theron en mev. Eugenie Wiggins vir die taal- en tegniese versorging van hierdie werk.
- Die kollegas wat bereid was om hul ervarings van hierdie moeilike onderwerp met my mee te deel.

# OPSOMMING

Dit algemeen vir egpare om destruktiewe gedrag en negatiewe gevoelens gedurende egskeiding te ervaar. Wanneer daar egter kinders betrokke is, is dit noodsaaklik om gevalle waar moontlike hoëkonflikegskeidings voorkom, te identifiseer. Hierdie studie het beoog om sosiale merkers met betrekking tot hoëkonflikegskeidings te identifiseer sodat forensiese maatskaplike werkers die hof met gepaste en verantwoordbare advies kan bedien. Semi-gestruktureerde onderhoude, gebaseer op literatuur se hipoteses van moontlike tekens van hoëkonflikegskeidings, is gevoer met maatskaplike werkers wat werksaam is met kliënte betrokke in egskeidings met hoë vlakke van konflik. Die ingesamelde inligting is geanaliseer aan die hand van reeds bestaande literatuur, waarna die bevindings dan forensiese maatskaplike werkers beter in staat sal mag stel om die moontlikheid van langdurige, kroniese konflik te kan voorspel en daaropvolgend advies aan die hof te voorsien ten opsigte van die versorging van die kinders.

**Sleutelwoorde:** *Sosiale merkers, egskeiding, hoëkonflikegskeidings, forensiese maatskaplike werker, kinders*

## ABSTRACT

It is common for couples to experience negative outcomes and feelings during the divorce process. However, when there are children involved, it becomes essential to identify the divorce processes which could develop into high-conflict divorces. This study attempted to identify social markers which could contribute to the development of high-conflict divorces, in order to allow social workers to serve the court with appropriate and justifiable advice to address and treat the high levels of conflict in advance. This was done through conducting semi-structured interviews with social workers working with clients involved in divorces where there are high levels of conflict. The semi-structured interviews were based on the literature's hypothesis of possible contributions to high-conflict divorces. The gathered information was analysed on the basis of existing literature, resulting in findings which could assist forensic social workers to better predict the possibility of prolonged, chronic conflict and in turn provide the court with advice regarding the children and the risks associated with their care.

**Key words:** *Social markers, divorce, high-conflict divorces, forensic social worker, children*

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1: INLEIDING EN ORIËNTERING

1. KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING ........ 1

2. DOEL VAN DIE STUDIE ........ 8

3. METODOLOGIE ........ 8

3.1 Literatuuroorsig ........ 8

3.2 Navorsingsontwerp ........ 9

3.3 Populasie ........ 9

3.4 Steekproefmetode ........ 10

3.5 Steekproefgrootte en motivering ........ 11

3.6 Steekproef-insluitingskriteria en -uitsluitingskriteria ........ 11

3.7 Data-insamelingsproses. ........ 12

3.8 Metodes van data-insameling en praktiese implementering. ........ 15

3.9 Geldigheid en betroubaarheid ........ 17

3.10 Metode van data-analisering ........ 19

4. ETIESE ASPEKTE ........ 20

4.1 Ervaring van die deelnemers ........ 20

4.2 Gevare, risiko’s en voorsorgmaatreëls ........ 21

4.3 Risiko’s en voordele ........ 21

4.4 Konfidensialiteit, privaatheid en anonimiteit ........ 22

4.5 Kundigheid, vaardighede en wetlike bevoegdheid ........ 22

4.6 Fasiliteite ........ 22

4.7 Vergoeding ........ 22

4.8 Storing van data ........ 23

4.9 Verspreiding van data ........ 23

5. TERMINOLOGIE ........ 23

5.1 Sosiale merkers ........ 23

5.2 Egskeidings ........ 23

5.3 Hoëkonflikegskeidings ........ 23

5.4 Kinders ........ 24

5.5 Forensiese maatskaplike werker ........ 24

6. BRONNELYS ........ 25

**HOOFSTUK 2: SOSIALE MERKERS VAN HOËKONFLIKEGSKEIDINGS WAARBY KINDERS BETROKKE IS**

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING ........ 31

2. NAVORSINGSMETODOLOGIE ........ 39

3. NAVORSINGSBEVINDINGE ........ 39

3.1 Profiel van deelnemers ........ 40

3.1.1 Identifiserende profiel van deelnemers ........ 40

3.2 Temas en subtemas verkry vanuit die onderhoude ........ 41

4. GEVOLGTREKKING ........ 70

5. BRONNELYS ........ 71

**HOOFSTUK 3: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

1. INLEIDING ........ 81

1.1 Literatuurstudie ........ 81

1.2 Empiriese studie ........ 82

1.3 Etiese aspekte ........ 84

1.4 Data-ontleding ........ 84

2. BEVINDINGE ........ 84

2.1 Intrapersoonlike faktore ........ 84

2.2 Interpersoonlike faktore ........ 85

2.3 Eksterne faktore ........ 87

3. AANBEVELINGS ........ 88

4. BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG ........ 91

5. BYDRAE VAN DIE NAVORSING........................................................................... 91

6. BEPERKINGS VAN DIE STUDIE........................................................................... 92

7. BRONNELYS........................................................................................................... 94

8. ADDENDUMS...........................................................................................................94

## ADDENDUMS

Addendum A: Etiese Toestemming van Studie……………………………………………………94

Addendum B: Dokument vir Ingeligte Toestemming vir Deelname in ‘n Semi-gestruktureerde Onderhoud………………………………………………………………………………………96

Addendum C: Onderhoudskedule…………………………………………………………..102

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| SACSSP | Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Professie |
| HREC | Health Research Ethics Committee |

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Besonderhede van deelnemers

Tabel 2: Temas en subtemas soos verkry vanuit onderhoude

# HOOFSTUK 1: INLEIDING EN ORIËNTERING

## 1. KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

Die huwelik is in wese ŉ sosiale proses waartydens twee individue op ŉ persoonlike en intieme basis met mekaar in 'n vrywillige verwantskap tree, met die wedersydse belofte of verbintenis om hul lewens met mekaar te deel (Faye *et al.* 2013:259). Die hoë koers van die verbreking van hierdie verbintenis, oftewel egskeiding, het egter plaaslik, sowel as globaal bykans die norm geword en neem steeds sterk toe (Ghoreishi *et al.* 2014:5; Lauroba, 2014:56; Pedro-Carroll, 2001:993). Trouens, Christopher *et al.* (2017:799) beskryf egskeiding as ŉ aansienlike openbare gesondheidsbekommernis weens die hoë voorkoms en negatiewe gevolge daarvan. Kulik en Heine-Cohen (2011:05) konstateer dat egskeiding waarskynlik die mees dramatiese en vêrreikende waargenome verandering in die gesinslewe van die twintigste eeu is en navorsers skat dat tussen 43% en 46% van huwelike in egskeidings eindig (Henry *et al.* 2011:455).

Dit blyk dat Suid-Afrika hierdie internasionale tendens navolg. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2020:7) toon resultate dat vier uit elke tien egskeidings (44.3%) van die 25 284 egskeidings in 2018, huwelike is wat korter as 10 jaar geduur het. Verder word daar gerapporteer dat van al die provinsies, die Wes-Kaap die tweede hoogste aantal egskeidings, naamlik 24.8% toegestaan het (Statistiek Suid-Afrika, 2020:6). Statistiek rakende hoeveel van laasgenoemde egskeidings as hoëkonflik getipeer is, blyk nie beskikbaar te wees nie. Statistiek Suid-Afrika (2020:8) rapporteer dat in 56.6% van die toegestane egskeidings in 2017, minderjarige kinders teenwoordig was. Visser *et al.* (2017:3055) staaf dat een van die mees uitdagende take vir ouers ná ŉ egskeiding is om ŉ hoëkwaliteit mede-ouerskapsverhouding te bewerkstellig. Dit wil sê, ŉ verhouding met beperkte en hanteerbare konflik.

Malcore, *et al.* (2010:50) verduidelik dat dit algemeen is vir egpare om destruktiewe gedrag en negatiewe gevoelens te ervaar gedurende egskeiding. Konflik is per definisie deel van die proses wat uitloop op ’n egskeiding en is ook teenwoordig tydens die egskeidingsproses self. Haddad *et al.* (2016:243) beaam hierdie outeurs se siening en meld dat tussen 70% en 80% van individue egter hierdie konflik en gepaardgaande negatiwiteit in ongeveer een jaar na egskeiding suksesvol oplos.

Daar is egter ŉ subgroep egpare wat voortdurende, hoë, destruktiewe vlakke van konflik ervaar wat meestal nie effektief opgelos word nie (Demby, 2016:458). Volgens internasionale literatuur word daar beraam dat die oorblywende 10% tot 20% van egpare wat skei daarin misluk om die noodsaaklike heraanpassing na die egskeiding suksesvol te voltooi. Dit blyk dat hoë vlakke van intense onopgeloste konflik die kritieke veranderlike kan wees wat onder meer die proses in die wiele ry (Amundson & Lux, 2016:10; Joyce, 2016:643). Hierdie gevalle word geklassifiseer as hoëkonflikegskeidings met ŉ ondergemiddelde tot swak prognose vir die suksesvolle oplossing van die konflik. Die waarskynlikheid van voortdurende konflik en herhalende patrone van konflikterende gebeure blyk hoog te wees in hierdie gevalle. Die tydperk van hierdie konflikgelaaide interaksiepatrone word nie geïdentifiseer nie, maar wel met woorde soos “deurlopend” beskryf (Visser *et al.* 2017:3055).

Ten spyte van die gereelde gebruik van die term “hoëkonflik” is die term nog nie presies op ŉ klinies betekenisvolle wyse gedefinieer nie (Anderson *et al.* 2011:11). Volgens Davidson *et al.* (2014:29) het die probleem om die verskynsel te definieer te make met die feit dat die meeste egpare, getroud of geskei, gedrag vertoon wat as “hoëkonflik” beskryf sou kon word.

Die vraag is dus wat is die onderskeid, indien wel, tussen normale of verwagte konflik in ’n egskeidingsituasie en hoëkonflikgedrag. Verskillende outeurs en studies (Amundson & Lux, 2016; Davidson *et al.* 2014; Elrod, 2001; Haddad *et al.* 2016; Joyce, 2016; Levite & Cohen, 2012; Scharff, 2004; Weeks & Treat, 2001) het wel oor die jare probeer om hierdie verskynsel te definieer en/of kenmerke rakende die aard van hoëkonflikegskeidings omvattend te identifiseer, al is dit dan op uiteenlopende wyses.

Opgesom blyk hoëkonflikegskeidings verskillend te wees van “normale” egskeidings weens die omvang van voortgesette vyandige interaksies en regsbetrokkenheid (Joyce, 2016:644; Malcore *et al.* 2010:50) en die onvermoë om die geveg agter te laat (Stacer & Stemen, 2000:243). Verdere kenmerke waarop gewys word, is die aanwesigheid van gevoelens soos woede, seer, vrees en misnoeë (Jacobs & Jaffe, 2010:18), konflikdominerende interaksies en kommunikasie (Anderson *et al.* 2011:16), en verdedigingsmeganismes soos vermyding, onttrekking, blokkering, verdeling (die organisering van ervarings in kategorieë soos liefde vs. haat). Nog kenmerke sluit in projeksie soos wanneer die persoon se eie gevoelens, gedagtes of impulse toegeskryf word aan iemand anders en pogings om die ander individu te beheer (Anderson *et al.* 2011:17), asook fisieke en sielkundige aggressie (Anderson *et al.* 2011:17; Joyce, 2016:644; Stacer & Stemen, 2000:243), gesinsgeweld (Garber, 2014:26; Haddad *et al.* 2016:248; Joyce, 2016:647; Stacer & Stemen, 2000:243), negatiewe beoordeling, dualistiese denke en wantroue (Anderson *et al.* 2011:18; Ehrlich 2001:307; Mitcham-Smith & Henry, 2007:369) en hoë emosionele reaktiwiteit wat lei tot verhoogde vyandige emosionele klimaat gevul met antagonisme, vervreemding, hulpeloosheid en ook wraak.

Vir die doel van hierdie studie, sal Levite en Cohen (2012:46) asook Haddad *et al*. (2016:244) se definisie van hoëkonflikegskeidings gebruik word. Hierdie outeurs definieer die verskynsel soos

volg: Egpare wie se verhouding gekenmerk word deur ŉ hoë vlak van woede, vyandigheid, wantroue, insidente van verbale en/of fisieke mishandeling, hoë vlakke van litigasie en voortdurende uitdagings in kommunikasie en samewerking rakende die versorging van kinders. Ten spyte van die uiteenlopende wyses waarop hoëkonflikegskeidings gedefinieer word, regverdig die verskynsel aandag, nie net vir die herkenning van die teenwoordigheid van skadelike hoë vlakke van konflik nie, maar ook weens die statistiese beraming dat ongeveer een uit elke vier egskeidings hoëkonflik van aard is, asook weens die destruktiewe impak wat dit op kinders het (Malcore *et al*. 2010:51).

Daar blyk nie baie studies beskikbaar te wees rakende die effek van spesifiek hoëkonflikegskeidings op kinders nie. Daar is egter omvattende literatuur beskikbaar oor die negatiewe impak van voortdurende/aaneenlopende ouerlike konflik op die kind(ers) (soos Ayoub *et al.* 1999:297; Barnwell & Stone, 2016:110; Lebow & Rekart, 2006:79; Sarrazin & Cyr, 2007:77). Klinici en forensiese praktici stem inderdaad saam dat die mees skadelike effek van egskeiding op kinders se aanpassing en welstand die blootstelling aan ouerlike konflik is (Bernet, 2015:1; Visser *et al*. 2017:3055) en dat ouerlike konflik ŉ primêre oorsaak van die negatiewe impak op die betrokke kinders is (Bernet, 2015:1; Joyce, 2016:643; Malcore *et al*. 2010:51; Mitcham-Smith & Henry, 2007:368; Visser *et al*. 2017:3055), asook ŉ hoof- bepalende faktor van die kind se aanpassing ná die egskeiding (Scharff, 2004:271).

Weens ouerlike konflik as een van die hoofkenmerke in ŉ hoëkonflikegskeiding (Mitcham-Smith & Henry, 2007:368), kan die stelling gemaak word dat hoëkonflikegskeidings meer skadelik is as egskeidings waar daar nie hoë konflik tussen die ouers is nie en daarom kan lei tot groter negatiewe nagevolge. Mitcham-Smith en Henry (2007:368) asook Joyce (2016:643) beaam hierdie stelling deur te staaf dat hierdie aaneenlopende en aanhoudende hoëkonflikegskeidings lei tot ’n groter

substansiële emosionele risiko en sielkundige skade vir kinders as egskeidings waar daar nie hoë konflik by betrokke is nie. Trouens, verskeie outeurs (Demby, 2016:45; Jacobs & Jaffe, 2010:17) voer aan dat hierdie blootstelling aan kroniese hoë vlakke van ouerlike konflik ŉ sterk risikofaktor is ten opsigte van die negatiewe impak op die kort- en langtermynaanpassing van kinders, met gevolge soos gedragsprobleme (Henry *et al.* 2011:457), angstigheid, depressie en ŉ lae selfbeeld (Jacobs & Jaffe, 2010:17), kognitiewe dissonansie en vlakke van geestelike ongemak (Bernet, 2015:2), geïnternaliseerde en geëksternaliseerde probleme, en die risiko tot laer vlakke van sielkundige funksionering (Painter, 2016:4). Die rede hiervoor, eenvoudig gestel, volgens Henry *et al.* (2011:456) is dat onopgeloste ouerlike konflik die neiging het om ouerlike kapasiteit beduidend te verminder (Smyth & Moloney, 2019:77) en ouers betrokke in hoëkonflikegskeidings hoofsaaklik in eie belang optree en nie in die beste belang van die kind nie. Die navorser stem saam met Joyce (2016:647) dat kinders vasgevang in die emosionele onstabiliteit van ’n hoëkonflikegskeiding ŉ vorm van emosionele verwaarlosing en mishandeling is.

Literatuur oor die potensiële verklarings, oftewel sosiale merkers, en die begrip van die sosiale merkers van volgehoue konflik tussen ouers is relatief skaars (Jacobs & Jaffe, 2010:18; Levite & Cohen 2012:46; Malcore *et al*. 2010:51;). Ter opsomming word daar aangedui dat hierdie sosiale merkers of persoonlikheidsfaktore (Haddad *et al.* 2016:254; Levite & Cohen, 2012:47) die distorsie van realiteit en emosies (Ehrlich, 2001:308), teenwoordigheid van vrees en angstigheid by partye (Stacer & Stemen, 2000:245), finansiële omstandighede (Bonach, 2005:79) en/of die toegang tot en hantering van kinders (Levite & Cohen, 2012:46) kan insluit. Cashmore en Parkinson (2011:186) voer aan dat navorsing in hierdie area hoofsaaklik teoreties van aard is en dat empiriese ondersoek van hierdie sosiale merkers nog ontbreek. Binne hierdie studie sal daar na die kenmerkende eienskappe as “sosiale merkers” verwys word. Sosiale merkers word vir die

doeleindes van hierdie studie gedefinieer as ŉ aanduiding van die status vir ŉ verskynsel (*Cambridge Dictionary*, 2019).

Die moontlike bestaan van sosiale merkers vir hoëkonflikegpare word nie ontken nie (Haddad *et al*. 2016:244; Malcore *et al*. 2010:52). Die navorsing blyk egter nog in die verkenningsfase te wees, met die gevolg dat daar ŉ behoefte bestaan om verdere navorsing oor die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings op ŉ empiriese wyse te doen. ŉ Beter en duideliker empiriese verstaan van die sosiale merkers kan lei tot die onderskeiding tussen "geraas" (noise) en die sosiale merkers wat werklik ŉ bydrae lewer tot die ontwikkeling van hoë vlakke van konflik binne ŉ egskeidingskonteks. Verder blyk daar nie literatuur rakende die merkers van hoëkonflikegskeidings binne die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar te wees nie en bestaan die moontlikheid dat bogenoemde sosiale merkers soos aangedui in internasionale literatuur wat lei tot kroniese konflik, kan verskil binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Ten spyte daarvan dat Combrinck (2014:21), sowel as Suid-Afrikaanse navorsers Bosch-Brits *et al.* (2018:91), tot die gevolgtrekking kom dat hoëkonflikegskeidings nie slegs een oorsaaklike faktor het nie, blyk die genoemde outeurs se opinie rakende oorsake en/of karaktereienskappe van hoëkonflikegskeidings gebaseer te wees op internasionale literatuur. Trouens, daar word nie ŉ aanduiding gegee of genoemde verskynsel se kenmerkende eienskappe binne die Suid-Afrikaanse konteks ooreenstem met internasionale literatuur nie.

Barker en Branson (2000), Munson (2011:37) en die *Government Gazette* (2020:99) verduidelik dat die forensiese maatskaplike werker ŉ spesialiteitsveld is waar die maatskaplike werker, met wetgewing as fondasie, individue sistematies evalueer. Die Nasionale Organisasie van Forensiese Maatskaplike Werk (2019) meld ook dat die maatskaplike werker se rol gedurende die

egskeidingsproses die assessering van betrokke volwassenes en minderjarige partye insluit om daarna aanbevelings te maak ten opsigte van die plasing en versorging van die kinders. Hierdie assessering en evaluering geskied ook in kontekste waar konflik en dispute tussen individue voorkom. Die mandaat van ŉ forensiese maatskaplike werker binne ŉ egskeidingsaak sal dus wees om die betrokke partye te assesseer om ŉ gepaste aanbeveling aan die hof te maak rakende die volwassenes se funksioneringstatus en watter versorgingsopsie in die beste belang van die kind(ers) sal wees.

Soos reeds genoem, is die skadelikste effek van ŉ egskeiding op die kinders se aanpassing en welstand die blootstelling aan ouerlike konflik, en die gevolgtrekking is dus dat hoëkonflikegskeidings destruktief is vir kinders en boonop ook kan lei tot substansiële emosionele risiko's en sielkundige skade. Tans bestaan daar geen internasionale of plaaslike stelsel of assesseringshulpmiddel wat die forensiese maatskaplike werker, wat met hierdie sake werk, kan help om met meer sekerheid die moontlike oorsake, wat kan lei tot hoëkonflikegskeidingskontekste, te kan identifiseer nie. Die vroeë waarneming en identifisering van sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings kan die forensiese maatskaplike werker bemagtig om hoëkonflikegskeidings reeds met die aanvang van die assessering te herken en daarvolgens meer realistiese aanbevelings aan die hof of wetlike outoriteite te maak oor wat in die beste belang van die kind(ers) sal wees. Gevolglik sal optrede op ŉ voorkomende wyse kan geskied met die uiteensetting van 'n intervensie wat spesifiek fokus op die hoë vlakke van konflik as ŉ poging om die betrokke kind(ers) reeds met die aanvang van die egskeiding op ŉ gepaste wyse teen die langstaande hoë vlakke van konflik tussen die egpaar te beskerm.

Met inagneming van die bogenoemde, kom dit duidelik na vore dat daar ŉ gaping is in die literatuur deurdat daar nie ŉ struktuur is wat die forensiese maatskaplike werker kan bystaan om individue

binne ŉ egskeidingsproses gekenmerk deur hoë konflik binne die Suid-Afrikaanse konteks te evalueer nie. Met die uitvoering van hierdie navorsingstudie het die navorser haarself ten doel gestel om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: "Wat is die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is?"

## 2. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van die navorsingstudie was om die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer.

## 3. METODOLOGIE

Die navorser het probeer om deur middel van ŉ literatuur- en empiriese studie sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer.

### 3.1 Literatuuroorsig

Bless *et al.* (2013:20) en Rubin en Babbie (2015:120) verduidelik dat ŉ literatuuroorsig uitgevoer word om sodoende ŉ kennisbasis van bestaande teorie en navorsing te ontwikkel deur ŉ proses van hersiening van die bestaande literatuur oor die spesifieke onderwerp. ŉ Literatuuroorsig is gedoen om onderwerpe soos sosiale merkers, egskeiding, hoë vlakke van konflik en kinders te verfyn.

Die literatuuroorsig is aan die begin van die studie gedoen om ʼn omvattende begrip van die aard en betekenis van die navorsingsprobleem wat geïdentifiseer is te ontwikkel (Fouché & Delport, 2011:134). Die skep van ʼn teoretiese agtergrond vir die studie, die kontekstualisering van kernbegrippe en om te verduidelik hoe die studie tot die bestaande kennis rakende die onderwerp kan bydra, was verdere mikpunte.

Die navorser het gebruik gemaak van literatuur uit die biblioteekdienste van die Noordwes-Universiteit. Die navorser het ook van talle databasisse van die Noordwes-Universiteit gebruik gemaak om vertroud te raak met reeds bestaande literatuur van hierdie navorsingsonderwerp. Dit sluit in EbscoHost, ScienceDirect, SAePublications, Google Scholar en ProQuest. Wetenskaplike boeke en tydskrifte is ook gebruik.

### 3.2 Navorsingsontwerp

Met die inagneming van die doel van die studie is ŉ kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik. Die buigbaarheid van ŉ kwalitatiewe navorsingsbenadering laat ruimte vir ŉ verskeidenheid interpretasies en het ten doel om die verskynsel beter te verstaan (Rubin & Babbie, 2015:46). Hierdie navorsingsbenadering het die navorser gehelp om die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer en kon die navorser ŉ diepgaande begrip van die verskynsel ontwikkel en ryk teoretiese observasies genereer.

Met verdere inagneming van die doel van die studie, was die navorsing beskrywend en verkennend van aard. Rubin en Babbie (2015:61) verduidelik dat navorsing met ŉ beskrywende aard ten doel het om situasies of gebeurtenisse deegliker te beskryf ten einde ŉ dieper begrip te ontwikkel, en dat navording met ‘n verkennende aard ten doel het om situasies of gebeurtenisse wat op ‘n beperkte wyse nagevors is, te eksploreer en verken. Ten spyte van verskeie moontlike teoretiese verduidelikings in die literatuur vir die ontstaan van hoëkonflikegskeidings, ontbreek beskrywings van sosiale merkers rakende die verskynsel egter. Die beskrywende en verkennende navorsingsbenadering het die navorser in staat gestel om die beperkte inligting oor die verskynsel uit te brei tot ŉ meer omvattende beskrywing.

## 3.3 Populasie

Bless *et al.* (2013:162) asook Rubin en Babbie (2015:208) definieer populasie as ŉ stel objekte, persone of elemente wat die fokus van ŉ navorsingsprojek is en wat die bron van die navorser se inligting is. Die populasie van die studie het uit maatskaplike werkers bestaan wat werksaam is in die Stad Kaapstad en Kaapse Wynland Distrik wat dienste lewer aan individue betrokke by hoëkonflikegskeidings. Die redes vir hierdie verkose populasiegroep is:

- Die navorser is gesetel in Kaapstad en die geïdentifiseerde populasie is dus bereikbaar.
- Die navorser se gevallelading in praktyk sluit gesinne in wat betrokke is by hoëkonflikegskeidings.
- Die navorser se ervaring met hierdie gesinne is aanduidend daarvan dat ten spyte van die toetreding van veelvuldige professionele persone, suksesvolle probleemoplossing nie altyd geskied nie.
- Beperkte tyd vir die voltooiing van die navorsing en die feit dat die navorser alle navorsingskostes self moet dek.

## 3.4 Steekproefmetode

Bless *et al.* (2013:395) verduidelik dat steekproefneming die seleksie van deelnemers vanuit ŉ algehele populasie behels. Rubin en Babbie (2015:220) spesifiseer weer dat spesifiek nie-waarskynlikheid-steekproefneming gedefinieer kan word as die gebruik van prosedures vir die selektering van ŉ steekproef wat nie-waarskynlikheid-seleksie (wanneer elke element in die populasie ŉ gelyke kans het vir seleksie) insluit. Met die inagneming van die doel van die studie is daar gebruik gemaak van nie-waarskynlikheid-steekproefneming aangesien dit ŉ meer gepaste wyse van steekproefneming was weens die onmoontlikheid daarvan om ŉ waarskynlikheidsteekproef van maatskaplike werkers wat werksaam is met hoëkonflikegskeidings, uit te voer. Verder is daar gebruik gemaak van die sneeubal-

steekproefneming. Sneeubal-steekproefneming is spesifiek baie nuttig vir die identifisering van persone wat nie gelys is nie, en/of moeilik is om te vind (Bless *et al.* 2013:176; Rubin & Babbie, 2015:223). Die outeurs verduidelik voorts dat hierdie tegniek gebruik word om op reeds geïdentifiseerde deelnemers staat te maak vir die opspoor van verdere deelnemers (deur die voorsiening van verdere deelnemers se informasie). Weens die gebrek aan ŉ lys of sisteem om genoemde deelnemers vooraf te identifiseer, het die navorser op die deelnemers staatgemaak vir verwysing na ander gewillige deelnemers.

### 3.5 Steekproefgrootte en motivering

Die steekproefnemingsproses is gevolg totdat dataversadiging bereik is. Dataversadiging kan gedefinieer word as die insameling van data tot wanneer nuwe feite of elemente rakende die onderwerp nie meer geïdentifiseer kan word nie (Bless *et al*. 2013:179). Literatuur stel voor dat ongeveer twaalf deelnemers genoeg is wanneer die doel van die studie is om ŉ ooreenstemmende persepsie van ŉ homogene groep te verkry (Guest *et al.* 2006:76) en die navorser het onderhoude ná die elfde deelnemer gestaak nadat daar bevind is dat die deelnemers nie meer nuwe inligting voorsien nie, maar slegs herhalende en/of oorbodige inligting.

Omdat die navorser werksaam is binne dieselfde areas as die deelnemers, en ter voorkoming van subjektiwiteit, is deelnemers met wie die navorser ŉ werksverhouding het, nie geïdentifiseer nie. Die rede vir die geïdentifiseerde areas was omdat die navorser ŉ nagraadse student is, slegs ŉ tydperk van twee jaar het om die studie te voltooi, asook self die kostes moet dra. Verkose deelnemers is diegene wat verantwoordelik is vir dienslewering aan individue betrokke by hoëkonflikegskeidings. Die navorser het deelnemers geselekteer gebaseer op hulle relevansie tot die studie tot en met dataversadiging plaasgevind het.

## 3.6 Steekproef-insluitingskriteria en -uitsluitingskriteria

Die deelnemers wat ingesluit is in die navorsingstudie moes aan die volgende kriteria voldoen:

- Deelnemers moes maatskaplike werkers wees wat geregistreer is by SACSSP (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Professie) en wat in privaat praktyk is, aangesien maatskaplike werkers wat in privaatpraktyk werk spesifiek werk met hoëkonflikegskeidings.
- Deelnemers moes ŉ minimum van vyf jaar ondervinding as maatskaplike werker hê met spesifieke ondervinding in forensiese maatskaplike werk.
- Deelnemers moes Afrikaans en/of Engels magtig wees, aangesien die navorser hierdie tale magtig is.
- Deelnemers moes in die Stad Kaapstad en Kaapse Wynland Distrik werksaam wees.

Die volgende deelnemers is uitgesluit uit die navorsingstudie:

- Deelnemers wat nie die ingeligte toestemmingsdokumentasie geteken het nie.
- Deelnemers wat reeds betrokke is by ander navorsingsprojek(te).

## 3.7 Data-insamelingsproses

### *3.7.1 Toestemming vir die navorsingstudie*

Die deelnemers van die navorsingstudie was almal werksaam in privaat praktyk en dus was daar geen entiteit wat wetlike of welwillendheidstoestemming kon verleen nie. Verder, weens die gebruik van die sneeubal-steekproefnemingstegniek, was dit ook nie moontlik om ŉ voorspelling te maak wie die deelnemers in die studie gaan wees nie.

### *3.7.2 Verkryging van toegang tot die deelnemers*

Die navorser het die volgende belangrike kwessies oorweeg om toegang tot die deelnemers te kry:

3.7.2.1 Kwesbaarheid van deelnemers

Die deelnemers in hierdie studie het bestaan uit verskeie maatskaplike werkers wat deskundiges op die gebied van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is. Die deelnemers vir die navorsingstudie vorm nie deel van ʼn kwesbare populasiegroep nie. Die navorser het sodanige deskundiges gekontak en daarna het ʼn onafhanklike persoon hierdie maatskaplike werkers gekontak om aan die navorsing deel te neem. Deelnemers is dan versoek om die navorser van nog name te voorsien van deskundiges op die gebied. Deelnemers het eers potensiële deelnemers se toestemming gevra alvorens hulle besonderhede aan die onafhanklike persoon verskaf is. Die onafhanklike persoon het dan weer die deelnemers se ingeligte toestemming bekom, alvorens die navorser met hulle kontak gemaak het.

3.7.2.2 Rolspelers

Die navorser het van ʼn onafhanklike persoon gebruik gemaak vir die werwing van deelnemers. Hierdie onafhanklike persoon is ʼn professionele maatskaplike werker wat ervaring het in die uitvoering van navorsing. Die onafhanklike persoon het toestemmingsbriewe per epos aan die voornemende deelnemers voorsien. Gedurende die navorsingstudie het die navorser nie gebruik gemaak van enige assistente of veldwerkers nie. Die navorser het self die data getranskribeer, gekodeer en geanaliseer.

3.7.2.3 Proses van steekproefneming

Die proses van steekproefneming het as volg geskied:

- Die navorser het deskundiges op die gebied van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, geïdentifiseer.
- Die aangestelde onafhanklike persoon het die geïdentifiseerde beoogde deelnemers telefonies gekontak.

- Die onafhanklike persoon het toestemmingsvorms aan die deelnemers voorsien wat al die nodige inligting bevat het, naamlik wie betrokke is, waar die navorsing sal plaasvind, tydsduur van die navorsing, wie die navorsing nagegaan het vir etiese goedkeuring en hoe om laasgenoemde te kontak, asook ŉ stelling rakende die deelnemer se reg om vrywillige deelname aan die navorsingstudie op enige tydstip te onttrek, sonder enige negatiewe gevolge.
- Deelnemers is drie dae gegun om die vorms te lees en ŉ besluit te neem oor hul deelname. Sou hulle ingestem het tot deelname, het hulle die toestemmingsvorms in die teenwoordigheid van die onafhanklike persoon geteken.
- Daarna het die navorser afsprake met die deelnemers geskeduleer sodat data-insameling kon geskied.
- Aangesien daar van die sneeubal-steekproefnemingstegniek gebruik gemaak is, het die onafhanklike persoon elke deelnemer gevra om kontakbesonderhede van kollegas te verskaf – met toestemming vanaf die kollega – wat ook aan die insluitingskriteria voldoen.
- Die navorser het ná elf deelnemers die proses gestaak, aangesien dataversadiging ná die elfde deelnemer bereik is.

3.7.2.4 Ingeligte toestemming

Die deelnemers het elk ŉ getikte toestemmingsvorm ontvang wat besprekings rakende die volgende inligting behels, naamlik uiteensetting van navorsingsdoel en verwagtinge van deelnemers, konfidensialiteit, anonimiteit, wie betrokke is, plek van navorsing, tydsduur van die navorsing, etiese goedkeuring van navorsing en wyses om etiese komitee te kontak, en onttrekking van deelname sonder negatiewe gevolge.

Die term "konfidensialiteit" verwys na die proses waartydens inligting vertroulik gehou word. "Anonimiteit" verwys na wanneer die bron van die inligting beskerm word deurdat geen

eienskappe of kenmerke van hierdie bron weergegee word nie. Hierdie vorm het hulle gelees en geteken. Deelnemers is drie dae gegun om te besluit of hulle wel aan die navorsing wou deelneem. Indien hulle besluit het om deel te neem, het hulle die ingeligte toestemmingsvorms in die teenwoordigheid van die onafhanklike persoon geteken. Deelnemers is ook ingelig dat hulle hul toestemming vir deelname aan die navorsingstudie enige tyd mag onttrek sonder die voorsiening van redes en dat daar geen negatiewe gevolge vir hulle sal wees nie.

## 3.8 Metodes van data-insameling en praktiese implementering

Bless *et al.* (2013:21) verduidelik dat onderhoude die mees algemene tegniek is vir die insameling van inligting in kwalitatiewe navorsing. Die outeurs verduidelik voorts dat daar drie tipes onderhoude is, naamlik gestruktureerde, semi-gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude (Bless *et al*. 2013:195). In hierdie navorsingstudie het die navorser gebruik gemaak van aangesig tot aangesig semi-gestruktureerde onderhoude. ŉ Semi-gestruktureerde onderhoud sluit in voorafbepaalde, oop vraagstellings wat dan ook vir die onderhoudvoerder die geleentheid gee om spesifieke temas of response verder te eksploreer. Die gebruik van die semi-gestruktureerde onderhoud het dus vir die navorser die geleentheid gegee om binne ŉ voorafopgestelde struktuur die verskynsel in meer diepte en detail te eksploreer deur alternatiewe rigtings in gesprekke te eksploreer (Greeff, 2011:353) en ook vir die deelnemers die geleentheid te gee om vrylik uitdrukking aan hul sienings te gee op hulle eie voorwaardes (Cohen & Crabtree, 2006:2). Ná die bestudering van literatuur rakende die kenmerkende eienskappe van hoëkonflikegskeidings en die bestaande gapings in kennis van hierdie verskynsel, het die navorser ŉ stel vrae saamgestel wat by die onderhoudskedule ingesluit was. Verder was ingeslote vraagstellings gebaseer op die generiese riglyne vir vraagstelling soos uiteengesit deur Rubin en Babbie (2015:158-161). Hierdie semi-gestruktureerde onderhoudskedule is geëvalueer deur deskundiges van die Departement van Maatskaplike Werk by die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit wat kennis dra

rakende die konstruksie van ŉ onderhoudskedule en sake verwant aan forensiese maatskaplike werk.

Die onderhoudskedule het uit vyf oop vraagstellings bestaan en is as volg:

- Uit u ervaring, wat veroorsaak die ontwikkeling van hoëkonflikvlakke gedurende egskeidings?
- Watter rol speel jou betrokke kliënte se persoonlikheid, emosionele funksionering en vermoë om die verlies van die huwelik te hanteer in die egskeidingsproses?
- Vertel my meer van jou kliënte wat betrokke is by hoëkonflikegskeidings se bewustheid van die realiteit?
- Wat is die impak van beide partye se finansiële omstandighede op die egskeidingsproses?
- Tot watter mate speel die toegang tot en hantering van die kinders ŉ rol in beide partye se persepsie van hoeveel mag hulle tot hul beskikking het?

Die deelnemers is bewus gemaak van die feit dat die onderhoude op band opgeneem word. ŉ Bandopnemer is ŉ waardevolle instrument wanneer onderhoude tydens navorsing gevoer word, aangesien dit vir die navorser die geleentheid bied om sy of haar volle aandag aan die deelnemers te gee (Greeff, 2011:359; Rubin & Babbie, 2005:457). Die navorser het die deelnemers bewus gemaak van die feit dat die navorser die gesprekke digitaal gaan opneem met behulp van ŉ bandopnemer.Direk ná die aanvang van die onderhoud is die opname na ŉ wagwoordbeskermde rekenaar oorgedra en die data op die bandopnemer is uitgewis.

Die navorser het ook veldnotas geneem na afloop van die onderhoude. Greeff (2011:373) stel voor dat beskrywende veldnotas direk ná die afloop van die onderhoude deur die onderhoudvoerder gemaak word en Emerson *et al.* (2011:16) vul aan dat die doel van veldnotas is om inheemse en

plaaslike betekenisse te identifiseer en te beskryf en ’n begrip te ontwikkel van die ervarings en aktiwiteite van die deelnemers.

## 3.9 Geldigheid en betroubaarheid

Bless *et al.* (2013:237) verduidelik dat die kwaliteit van ’n kwalitatiewe navorsingsprojek gemeet word aan die hand van vier aspekte, naamlik geloofwaardigheid, afhanklikheid, konformering en oordraagbaarheid:

### *3.9.1 Geloofwaardigheid*

Bless *et al.* (2013:236) verduidelik dat geloofwaardigheid korrespondeer met die konsep van interne geldigheid, aangesien dit probeer om te oortuig dat die bevindinge in die navorsingstudie die waarheid van die realiteit wat ondersoek word in die studie, weerspieël. Schurink *et al.* (2011:420) stem saam dat geloofwaardigheid verwys na die versekering dat die navorsingsonderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Die navorser het verseker dat die wyse van uitvoering van die navorsingstudie geloofwaardigheid van die bevindinge verhoog deur die volgende aksies:

- die samestelling van deeglike, omvattende en beskrywende veld- en verbatim notas;
- die gebruik van teoreties-gebaseerde navorsingsmetodes;
- die gebruik van teoreties-gebaseerde data-insameling- en interpreteringstegnieke;
- die bepaling van die akkuraatheid van deelnemers se antwoorde deur die gebruik van herhalende vraagstelling; en
- die oorhandiging van die geïnterpreteerde ingesamelde data aan die navorser se studieleier, dr. Sufran Smith, vir verdere verhoging van geloofwaardigheid.

*3.9.2 Oordraagbaarheid*

Bless *et al.* (2013:236) verduidelik dat oordraagbaarheid verwys na die mate waartoe die navorsingsbevindinge van toepassing is op ander ooreenkomstige situasies. Oordraagbaarheid is bekom deur die volgende aksies:

- ŉ deeglike beskrywing van die konteks van data-insameling;
- ŉ deeglike beskrywing van die navorser as ŉ persoon;
- ŉ deeglike beskrywing van die verhouding tussen die navorser en deelnemers, en
- die verkryging van verdere insae en opinies van die navorser se studieleier, dr Sufran Smith, en verdere deskundiges verbonde aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus, soos professor Wim Roestenburg.

*3.9.3 Betroubaarheid*

Betroubaarheid verwys na die verkryging van dieselfde resultate sou die studie binne ŉ ander konteks gedupliseer word (Bless *et al.* 2013:237). Bless *et al.* (2013:237) verduidelik verder dat die konsep "betroubaarheid" vereis dat die navorser ŉ duidelike en deurdagte navorsingstrategie deeglik beskryf en presies volg. Die navorser het dit gedoen deur die weergee van deeglike beplanning en 'n beskrywing van die navorsingstudie se metodologie en data-insamelings- en interpretasietegnieke en -metodes. Addisioneel is raad en leiding by deskundiges soos dr Sufran Smith en professor Wim Roestenburg ontvang.

*3.9.4 Bevestigbaarheid*

Bevestigbaarheid vereis dat ander navorsers ooreenstemmende bevindinge sal kry gedurende die uitvoering van dieselfde navorsingsproses in ŉ ooreenstemmende konteks (Bless *et al*. 2013:237). Schurink *et al.* (2011:421) meld die belangrikheid daarvan vir die navorser om te dink oor die bevestiging van navorsingsbevindinge deur ŉ ander navorser. Die navorser het bevestigbaarheid

verhoog deur op objektiewe wyses deeglike veldnotas woordeliks te skryf, asook te verseker dat die navorser se eie persepsies nie die interpreteringsproses van die data beïnvloed nie.

### 3.10 Metode van data-analisering

Die navorser het die getranskribeerde data met behulp van tematiese analise ontleed. Tematiese analise word gedefinieer as 'n metode wat patrone in die data identifiseer, analiseer en rapporteer (Braun & Clarke, 2006:79). Die navorser het die volgende stappe vir die analisering van die data gevolg:

- Ontwikkel deeglike kennis van datastel

Dit is essensieel dat die navorser bekend raak met die data sodat hy/sy die omvang van die data kan ken (Braun & Clarke, 2006:87). Die navorser het grondige kennis van die datastel ontwikkel deur die data deeglik te bestudeer.

- Genereer aanvanklike kodes

Dié fase vereis die verkryging van aanvanklike kodes vanuit die data. (Braun & Clarke, 2006:87). Die navorser het aanvanklike kodes gegenereer deur die data deeglik te bestudeer en kodes uit te lig.

- Soek en identifiseer temas

Hierdie fase vereis die organisering van die lys van kodes volgens verskillende temas (Braun & Clarke, 2006:87). Die navorser het met die hulp van die kodes temas geïdentifiseer en georganiseer deur die kodes verder te bestudeer.

- Hersiening van temas

Dié fase vereis die verfyning van die geïdentifiseerde temas (Braun & Clarke, 2006:87). Die navorser het die geïdentifiseerde temas verder bestudeer met die oog op die verfyning en afronding daarvan.

- Definiëring en benaming van temas

Hierdie fase vereis die verdere verfyning en definiëring van temas (Braun & Clarke, 2006:87). Die navorser het geïdentifiseerde temas bestudeer en verder afgerond en verfyn.

- Skryf van die verslag

Dié fase vereis die finale analisering van die temas en die aantekening daarvan in die finale weergawe (Braun & Clarke, 2006:87). Die navorser het die ingesamelde data deeglik bestudeer en skriftelik die temas uiteengesit en bespreek in die finale weergawe.

## 4. ETIESE ASPEKTE

Etiek dien as riglyne en standaarde wat gestel word vir die navorser om sy of haar gedrag te evalueer (Strydom, 2011:114-120). Die studie is goedgekeur deur die Health Research Ethics Committee (HREC) van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die etiese standaarde wat hierdie navorsing gelei het, word vervolgens bespreek.

### 4.1 Ervaring van die deelnemers

Deelname aan die studie het die deelnemers die geleentheid gebied om bewus te raak van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is asook die verstaan daarvan te herevalueer. Die navorser het die aard van die voorgestelde studie deeglik aan die deelnemers verduidelik, asook skriftelike toestemming tot deelname aan die studie van elke deelnemer ontvang. Die onderhoudskedule is in Afrikaans voorberei en die vrae is geëvalueer deur ander maatskaplike werkers wat nie deel gevorm het van die studie nie. Die navorser het die belangrikheid van vertroulikheid aan die deelnemers beklemtoon en die deelnemers verseker dat die navorser die inligting soos voorsien deur hulle, vertroulik sal hanteer. Die onderhoudskedule het nie enige sensitiewe inligting of dreigemente bevat nie en die onderhoud het ook nie verskil van onderhoude wat die deelnemers gewoond is om aan deel te neem nie. Verder het die navorser seker gemaak dat sy volgens die vereistes van navorsingsetiek te werk gaan.

## 4.2 Gevare, risiko's en voorsorgmaatreëls

Die studie het minimale risiko's vir die deelnemers gehad. Die metodes en tegnieke wat gebruik was, is afkomstig van semi-gestruktureerde onderhoude. Die deelnemers se idees en inligting is vertroulik deur die navorser hanteer en inligting is nie deur die navorser versprei voor die afhandeling van die studie nie. Die navorser het die gemak van deelnemers verseker deur die onderhoude in die veiligheid en gerief van hul kantore te voer. Die onderhoude het nie langer as sestig minute geduur nie.

## 4.3 Risiko's en voordele

Daar is geen voordele vir die deelnemers in die navorsingstudie nie. Die risiko vir die voorgestelde studie was minimaal aangesien deelnemers maatskaplike werkers is wat op ŉ daaglikse basis werksaam is in die veld van hoëkonflikegskeidings. Vir die behoud van minimale risiko van deelname, is die onderhoude gereël in gepaste tydgleuwe vir die deelnemers en het die onderhoude nie langer as sestig minute geduur nie. Daar is ook water en ligte versnaperinge voorsien aan die deelnemers. Die navorser was bewus daarvan dat beperkte beskikbare tyd, frustrasie, uitputting en verveeldheid egter deel kon vorm van betrokke risikofaktore en het gevolglik met tussenposes gekontroleer wat die deelnemer se emosionele status is, asook die deelnemers daaraan herinner dat hulle geregtig is op ŉ pouse en/of herskedulering.

## 4.4 Konfidensialiteit, privaatheid en anonimiteit

Die navorser het aan die deelnemers die versekering gegee dat alles wat gedurende die onderhoud bespreek word, vertroulik gehou sal word deurdat die navorser ŉ onderneming van vertroulikheid geteken het. Die privaatheid van die deelnemers is verseker deurdat die onderhoude in die privaatheid van die deelnemers se kantore gevoer is. Ook het die navorser alle data op ŉ anonieme wyse weergegee ten einde die deelnemers se identiteit te beskerm. Vir die duur van die onderhoud

het die navorser die deur van die kantoor toegemaak en ŉ teken buite die deur geplaas om aan te dui dat geen toegang moontlik is nie. Die telefoon is ook van die mik gehaal.

### 4.5 Kundigheid, vaardighede en wetlike bevoegdheid

Die navorser is ŉ gekwalifiseerde maatskaplike werker wat geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diens Professies (SACSSP). Die navorser is ook ŉ nagraadse student vir die meestersgraad in forensiese maatskaplike werk aan die Noordwes-Universiteit. Die navorser het ook bevoegdhede ontwikkel vanuit haar praktiese ervaring as maatskaplike werker.

### 4.6 Fasiliteite

Die navorser was hoofsaaklik gefokus op naturalistiese observasies en gevolglik is die onderhoude binne die deelnemers se natuurlike omgewing, binne elke deelnemer se kantoor, gevoer. Die kantore van die navorsers was gemaklik, toeganklik en privaat, sonder enige stoornisse. Die navorser het verseker dat die fasiliteit vry van afleidings was, wat ook privaatheid en vertroulikheid bevorder het.

### 4.7 Vergoeding

Die deelnemers het geen vergoeding ontvang nie. Die deelnemers het ook nie enige uitgawes aangegaan vir deelname aan die navorsing nie aangesien dit die navorser se verantwoordelikheid was om na die deelnemer te reis. Die navorser het aan elke deelnemer ŉ bedankingsnota en ŉ pen met die NWU-wapen daarop gegee as ŉ teken van waardering.

### 4.8 Storing van data

Die navorser het elektroniese data in die vorm van stemopnames, transkripsies en geskrewe notas ingesamel. Hierdie elektroniese data is op ŉ geheuestokkie en in ŉ “geheuewolk” (cloud) gestoor met beskerming van ŉ wagwoord wat slegs bekend was aan die navorser en studieleier. Rou data

sowel as elektroniese data is in ŉ toesluit-kabinet in die navorser se kantoor, wat ook te alle tye gesluit is wanneer die navorser die kantoor verlaat het, gestoor. Met die finalisering van hierdie navorsing is die elektroniese en rou data by die kantore van Compress gestoor, waar dit ná ŉ tydperk van vyf jaar vernietig sal word.

### 4.9 Verspreiding van data

Na die afhandeling van die navorsingstudie sal die deelnemers gekontak word om aan te dui of hulle ŉ opsomming van die resultate per epos of verbaal wil ontvang. ŉ Opsomming van die resultate sal dan soos aangedui aan die deelnemers voorsien word.

## 5. TERMINOLOGIE

### 5.1 Sosiale merkers

Sosiale merkers word vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer as ŉ aanduiding van die voorkoms van ŉ verskynsel (*Cambridge Dictionary*, 2019).

### 5.2 Egskeidings

Egskeiding word gedefinieer as die terminering van ŉ huweliksverbintenis, die kansellering van regspligte en verantwoordelikhede van die huwelik en die beëindiging van die huweliksverhouding tussen die huweliksmaats (Oppong Asante *et al.* 2014:17).

### 5.3 Hoëkonflikegskeidings

Hoëkonflikegskeidings word gedefinieer (vir die doel van hierdie studie) as egpare wie se verhouding gekenmerk word deur ŉ hoë vlak van woede, vyandigheid, wantroue, insidente van verbale en/of fisieke mishandeling, hoë vlakke van litigasie en voortdurende uitdagings in kommunikasie en samewerking rakende die versorging van kinders (Haddad *et al*. 2016:244; Levite & Cohen, 2012:46).

## 5.4 Kinders

’n Kind word gedefinieer as ’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar (Children’s Act 38 of 2005).

## 5.5 Forensiese maatskaplike werker

Die forensiese maatskaplike werker verwys na ’n geregistreerde maatskaplike werker met gevorderde wetenskaplike en gespesialiseerde kennis, vaardighede, opleiding en opvoeding en ervaring in forensiese maatskaplike werk, wat die hof voorsien van geskrewe of verbale onpartydige en feitlike getuienis (*Government Gazette*, 2020:99).

## 6. BRONNELYS


Amundson, J.K. & Lux, G.M., 2016. Risk management in high-conflict divorce/parenting referrals: it's how you walk through the fire. *Canadian Journal of Counselling and Psychotherapy*, 50(3):20-22.

Anderson, S.R., Anderson, S.A., Palmer, K.L., Mutchler, M.S. & Baker, L.K. 2011. Defining high conflict. *The American Journal of Family Therapy*, 39(1):11-27.

Ayoub, C.C., Deutsch, R.M. & Maraganore, A. 1999. Emotional distress in children of high-conflict divorce: the impact of marital conflict and violence. *Family Court Review*, 37(3):297-315.

Barker, R.L. & Branson, D.M. 2000. *Forensic social work: legal aspects of professional practice.* New York: Haworth Press.

Barnwell, B.J. & Stone, M.H. 2016. Treating high conflict divorce. *Universal Journal of Psychology*, 4(2):109-115.

Bernet, W. 2015. Children of high-conflict divorce face many challenges. *Psychiatric Times*, 32(10):9.

Bless, C., Higson-Smith, C. & Sithole, S.L. 2013. *Fundamentals of social research methods: an African perspective*. 5th ed. Cape Town: Juta.

Bonach, K. 2005. Factors contributing to quality co-parenting: implications for family policy. *Journal of Divorce & Remarriage*, 43(3-4):79-103.

Bosch-Brits, E., Wessels, C. & Roux, A. 2018. Fathers' experience and perceptions of parent alienation in high-conflict divorce. *Social Work*, 54(1):91-110.

Braun, V. & Clarke, V. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative Research in Psychology*, 3(2):77-101.

*Cambridge Dictionary*. https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/indicator. Datum van toegang: Junie 2019.

Cashmore, J. & Parkinson, P. 2011. Reasons for disputes in high conflict families. *Journal of Family Studies*, 17(3):186-203.

*Children's Act*. 38 of 2005.

Christopher, C., Wolchik, S., Tein, J.Y., Carr, C., Mahrer, N.E. & Sandler, I. 2017. Long-term effects of a parenting preventive intervention on young adults' painful feelings about divorce. *Journal of Family Psychology*, 31(7):799-809.

Cohen, D. & Crabtree, B. 2006. Semi-structured interviews. Qualitative research guidelines project, 2. Gevind: http://www.qualres.org/HomeSemi-3629.html.
Datum van toegang: 9 September 2020.

Combrinck, C. 2014. *Experiences of professionals in drafting and implementing parenting plans in high-conflict separation and divorce matters in South Africa*. Pretoria: UNISA
(Thesis – PhD).

Davidson, R.D., O'Hara, K.L. & Beck, C.J. 2014. Psychological and biological processes in children associated with high-conflict parental divorce. *Juvenile and Family Court Journal*, 65(1):29-44.

Demby, S.L. 2016. Parenting coordination: applying clinical thinking to the management and resolution of post-divorce conflict. *Journal of Clinical Psychology*, 72(5):458-468.

Ehrlich, J. 2001. Losing perspective: a danger in working with high-conflict divorces. *American Journal of Family Law*, 15(4):307-310.

Elrod, L.D. 2001. Reforming the system to protect children in high-conflict custody cases. *William Mitchell Law Review*, 28(2):496-551.

Emerson, R.M., Fretz, R.I. & Shaw, L.L. 2011. *Writing ethnographic fieldnotes*. The University of Chicago Press.

Faye, A., Kalra, G., Subramanyam, A., Shah, H., Kamath, R. & Pakhare, A. 2013. Study of marital adjustment, mechanisms of coping and psychopathology in couples seeking divorce in India. *Sexual and Relationship Therapy*, 28(3):257-269.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Introduction to the research process. In: De Vos, A.S., Delport, C.S., Fouché, C.B. & Strydom, H. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professionals.* 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 61-76.

Garber, B. D. 2014. The chameleon child: children as actors in the high-conflict divorce drama. *Journal of Child Custody,* 11(1):25-40.

Ghoreishi, F., Shirmohammadi, D. & Barjvand, A. 2014. Understanding causes of divorce from the viewpoints of the divorced and divorcing couples (the case of Saghez City). *Security & Social Order Strategic Studies*, 7(1):4-7.

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. In: De Vos, A.S., Delport, C.S., Fouché, C.B. & Strydom, H. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professionals.* 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 286-313.

Guest, G. Bunce, A. & Johnson, L. 2006. How many interviews are enough? An experiment with data saturation and variability. *Field Methods,* 18(1):59-82.

Haddad, L., Phillips, K.D. & Bone, M.J. 2016. High-conflict divorce: a review of the literature. *American Journal of Family Law*, 29(4):243-258.

Henry, W.J., Fieldstone, L., Thompson, M. & Treharne, K. 2011. Parenting co-ordination as an antidote for high-conflict divorce and court relitigation. *Journal of Divorce and Remarriage*, 52(7):455-471.

Jacobs, N. & Jaffe, R. 2010. Investigating the efficacy of CoMeT, a new mediation model for high-conflict separating parents. *American Journal of Family Therapy*, 38(1):16-31.

Joyce, A.N. 2016. High-conflict divorce: a form of child neglect. *Family Court Review*, 54(4):642-656.

Kulik, L & Heine-Cohen, E. 2011. Coping resources, perceived stress and adjustment to divorce among Israeli women: assessing effects. *Journal of Social Psychology*, 151(1):5-30.

Lauroba, E. 2014. The Effects of Divorce on Children. *International Journal of Legal Information*, 42(1):55-66.

Lebow, J. & Rekart, K.N. 2007. Integrative family therapy for high-conflict divorce with disputes over child custody and visitation. *Family Process*, 46(1):79-91.

Levite, Z. & Cohen, O. 2012. The tango of loving hate: couple dynamics in high-conflict divorce. *Clinical Social Work Journal*, 40(1):46-55.

Malcore, S.A., Windell, J., Seyuin, M. & Hill, E. 2010. Predictors of continued conflict after divorce or separation: evidence from a high-conflict group treatment program predictor of continued conflict after divorce or separation: evidence from a high-conflict. *Journal of Divorce & Remarriage*, 51(1):50-64.

Mitcham-Smith, M. & Henry, W.J. 2007. High-conflict divorce solutions: parenting coordination as an innovative co-parenting intervention. *The Family Journal*, 15(4):368-373.

Munson, C. 2011. Forensic social work practice standards: definition and specification. *Journal of Forensic Social Work*, 1(1):37-60.

National Organization of Forensic Social Work. 2019. Gevind: http://nofsw.org/?page_id=10. Datum van toegang: 05 Junie 2020.

Oppong Asante, K., Osafo, J. & Nyamekye, G.K. 2014. An exploratory study of factors contributing to divorce among married couples in Accra, Ghana: a qualitative approach. *Journal of Divorce & Remarriage*, 55(1):16-32.

Painter, K.D. 2016. *Impact of parental interference on children in high conflict divorce*. Nova Southeastern University. (Dissertation – PhD).

Pedro-Carroll, J. 2001. The promotion of wellness in children and families: challenges and opportunities. *American Psychologist*, 56(11):993-1004.

Rubin, A. & Babbie, E. 2015. *Essential research methods for social work*. 4th ed. Belmont, CA: Brooks/Cole, Cengage Learning.

Sarrazin, J. & Cyr, F. 2007. Parental conflicts and their damaging effects on children. *Journal of Divorce & Remarriage*, 47(1-2):77-93.

Scharff, K.E. 2004. Therapeutic supervision with families of high-conflict divorce. *International Journal of Applied Psychoanalytic Studies*, 1(3):269-281.

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. In: De Vos, A.S., Delport, C.S., Fouché, C.B. & Strydom, H. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professionals*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers, pp. 397-423.

Smyth, B.M. & Moloney, L.J. 2019. Post-separation parenting disputes and the many faces of high conflict: theory and research. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy*, 40(1):74-84.

*Social Service Professions Act* 110 of 1978

Stacer, D.L. & Stemen, F.A. 2000. Intervention for high conflict custody cases. *American Journal of Family Law*, 14(4):242-251.

STATS SA (Statistics South Africa). 2020. *Marriages and divorces* 2018. (Statistical release PO307). http://www.statssa.gov.za/publications/P0307/P03072017.pdf Datum van toegang: 29 Februarie 2020.

Strydom, H. 2011. In: De Vos, A.S., Delport, C.S., Fouché, C.B. & Strydom, H. *Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professionals.* 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers, pp. 113-129.

Visser, M., Finkenauer, C., Schoemaker, K., Kluwer, E., Van der Rijken, R., Van Lawick, J., … Lamers-Winkelman, F. 2017. I'll never forgive you: high-conflict divorce, social network, and co-parenting conflicts. *Journal of Child and Family Studies,* 26(11):3055-3066.

Weeks, G. & Treat, S. 2001. *Couples in treatment: techniques and approaches for effective practice.* 2nd ed. New York: Brunner-Routledge.

# HOOFSTUK 2: SOSIALE MERKERS VAN HOËKONFLIKEGSKEIDINGS WAARBY KINDERS BETROKKE IS

*Mev. Carien Zeeman is ʼn maatskaplike werker in privaat praktyk in Kaapstad.*

*Dr S Smith is ʼn senior lektor in die Skool van Psigososiale Gesondheidswetenskappe, Maatskaplike Werk Afdeling, Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit.*

*Email: Sufran.smith@nwu.ac.za*

## SAMEVATTING

Destruktiewe gedrag en gevoelens is kenmerkend van egskeidings. Kinderbetrokkenheid noodsaak die identifisering van hoëkonflikegskeidingsgevalle. Hierdie studie beoog om sosiale merkers rakende hoëkonflikegskeidings te identifiseer, sodat forensiese maatskaplike werkers die hof met verantwoordbare advies kan bedien. Semi-gestruktureerde onderhoude, gebaseer op literatuur se standpunte rakende hierdie sosiale merkers, is gevoer met maatskaplike werkers werksaam met kliënte betrokke in egskeidings met hoë vlakke van konflik. Die inligting is geanaliseer aan die hand van bestaande literatuur. Die bevindinge kan forensiese maatskaplike werkers in staat stel om die moontlikheid van langdurige, kroniese konflik te voorspel en die hof sodoende van gepaste advies bedien.

**Sleutelwoorde:** *Sosiale merkers, egskeiding, hoëkonflikegskeidings, forensiese maatskaplike werker, kinders*

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die huwelik is in wese ʼn sosiale proses waartydens twee individue op ʼn persoonlike en intieme basis met mekaar in ʼn vrywillige verwantskap tree met die wedersydse belofte en verbintenis om hul lewens met mekaar te deel (Faye *et al.* 2013:259). Die hoë voorkoms van die verbreking van

hierdie verbintenis genaamd egskeiding, het egter globaal en plaaslik bykans die norm geraak en neem steeds betekenisvol toe (Ghoreishi *et al.* 2014:5; Lauroba, 2014:56; Pedro-Carroll, 2001:993). Trouens, Christopher *et al.* (2017:799) beskryf egskeiding as ʼn aansienlike openbare gesondheidsbekommernis weens die hoë voorkoms en negatiewe gevolge daarvan. Kulik en Heine-Cohen (2011:05) konstateer dat egskeiding waarskynlik die mees dramatiese en vêrreikende waargenome verandering in die gesinslewe van die twintigste eeu is en navorsers skat dat tussen 43% en 46% van huwelike in egskeidings eindig (Henry *et al.* 2011:455).

Dit blyk dat Suid-Afrika hierdie internasionale tendens navolg. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2020:7) het vier uit elke tien egskeidings (44.3%) van die 25 284 egskeidings in 2018, se huwelike korter as 10 jaar geduur. Verder word gerapporteer dat die Wes-Kaap provinsie die tweede hoogste aantal egskeidings, naamlik 24.8%, toegestaan het (Statistiek Suid-Afrika, 2020:6). Statistiek rakende hoeveel van laasgenoemde egskeidings as hoëkonflik getipeer is, blyk nie beskikbaar te wees nie. Statistiek Suid-Afrika (2020:8) rapporteer dat 56.6% van die toegestane egskeidings in 2017, minderjarige kinders teenwoordig gehad het. Visser *et al*. (2017:3055) staaf dat een van die mees uitdagende take vir ouers na ʼn egskeiding is om ʼn hoë-kwaliteit mede-ouerskapsverhouding te bewerkstellig. Sodanige verhoudings word deur beperkte en hanteerbare konflik gekenmerk.

Malcore *et al.* (2010:50) verduidelik dat dit algemeen is vir egpare om destruktiewe gedrag en negatiewe gevoelens te ervaar gedurende die egskeiding. Konflik is per definisie deel van die proses wat uitloop op ʼn egskeiding en is ook teenwoordig tydens die egskeidingsproses self. Haddad *et al.* (2016:243) beaam hierdie outeurs se siening en meld dat tussen 70% en 80% van individue egter hierdie konflik en gepaardgaande negatiwiteit binne ongeveer een jaar na egskeiding suksesvol oplos.

Daar is egter ’n subgroep egpare wat voortdurende hoë, destruktiewe vlakke van konflik ervaar wat meestal nie effektief opgelos word nie (Demby, 2016:458). Volgens internasionale literatuur word daar beraam dat die oorblywende 10% tot 20% van egpare wat skei, daarin misluk om die noodsaaklike heraanpassing ná die egskeiding suksesvol te voltooi. Dit blyk dat hoë vlakke van intense onopgeloste konflik die kritieke veranderlike kan wees wat onder meer die proses in die wiele ry (Amundson & Lux, 2016:10; Joyce, 2016:643).

Hierdie gevalle word geklassifiseer as “hoëkonflikegskeidings” met ’n ondergemiddelde tot swak prognose vir die suksesvolle oplossing van die konflik. Die waarskynlikheid van voortdurende konflik en herhalende patrone van konflikterende gebeure blyk hoog te wees in hierdie gevalle. Die tydperk van hierdie konflikgelaaide interaksiepatrone word nie geïdentifiseer nie, maar wel met woorde soos “deurlopend” beskryf (Visser *et al*. 2017:3055).

Ten spyte van die gereelde gebruik van die term “hoëkonflik” is die term nog nie presies op ’n klinies betekenisvolle wyse gedefinieer nie (Anderson *et al.* 2011:11). Volgens Davidson *et al.* (2014:29) het die probleem om die verskynsel te definieer, te make met die feit dat die meeste egpare, getroud of geskei, gedrag vertoon wat goedskiks as “hoëkonflik” beskryf sou kon word.

Die vraag is dus, wat is die onderskeid, indien wel, tussen normale of verwagte konflik in ’n egskeidingsituasie en hoëkonflikgedrag. Verskillende outeurs en studies (Amundson & Lux, 2016; Davidson *et al.* 2014; Elrod, 2001; Haddad *et al.* 2016; Joyce, 2016; Levite & Cohen, 2012; Scharff, 2004; Weeks & Treat, 2001) het oor die jare probeer om hierdie verskynsel te definieer en/of kenmerke rakende die aard van hoëkonflikegskeidings omvattend te identifiseer, al is dit dan op uiteenlopende wyses.

Opgesom blyk hoëkonflikegskeidings te verskil van egskeidings met hanteerbare vlakke van konflik, weens die omvang van voortgesette vyandige interaksies, regsbetrokkenheid (Joyce, 2016:644; Malcore *et al.* 2010:50) en die onvermoë om die geveg agter te laat (Stacer & Stemen, 2000:243). Verdere kenmerke waarop gewys word, is die aanwesigheid van gevoelens soos woede, seer, vrees en misnoeë (Jacobs & Jaffe, 2010:18), konflik-dominerende interaksies en kommunikasie (Anderson *et al.* 2011:16) en verdedigingsmeganismes soos vermyding, onttrekking, blokkering en verdeling (die organisering van ervarings in kategorieë soos liefde vs. haat). Nog kenmerke sluit in projeksie (wanneer die persoon se eie gevoelens, gedagtes of impulse toegeskryf word aan iemand anders) en pogings om die ander individu te beheer (Anderson *et al.* 2011:17), asook fisieke en sielkundige aggressie (Anderson *et al.* 2011:17; Joyce, 2016:644; Stacer & Stemen, 2000:243), gesinsgeweld (Garber, 2014:26; Haddad *et al*, 2016:248; Joyce, 2016:647; Stacer & Stemen, 2000:243), negatiewe beoordeling, dualistiese denke en wantroue (Anderson *et al.* 2011:18; Ehrlich 2001:307; Mitcham-Smith & Henry, 2007:369) en hoë emosionele reaktiwiteit wat lei tot ’n verhoogde vyandige emosionele klimaat gevul met antagonisme, vervreemding, hulpeloosheid en ook wraak.

Vir die doel van hierdie studie, sal Levite en Cohen (2012:46) asook Haddad *et al.* (2016:244) se definisie van hoëkonflikegskeidings gebruik word. Hierdie outeurs definieer die verskynsel soos volg: Egpare wie se verhouding gekenmerk word deur ŉ hoë vlak van woede, vyandigheid, wantroue, insidente van verbale en/of fisieke mishandeling, hoë vlakke van litigasie en voortdurende uitdagings in kommunikasie en samewerking rakende die versorging van kinders. Ten spyte van die uiteenlopende wyses waarop hoëkonflikegskeidings gedefinieer word, regverdig die verskynsel aandag, nie net vir herkenning van die teenwoordigheid van skadelike hoë vlakke van konflik nie, maar ook weens die statistiese beraming dat ongeveer een uit elke vier egskeidings

hoëkonflik van aard is, asook weens die destruktiewe impak wat dit op kinders het (Malcore *et al.* 2010:51).

Daar blyk nie baie studies beskikbaar te wees rakende die effek van hoëkonflikegskeidings op kinders nie. Daar is egter omvattende literatuur beskikbaar oor die negatiewe impak van voortdurende/aaneenlopende ouerlike konflik op die kind(ers) (soos Ayoub *et al.* 1999:297; Barnwell & Stone, 2016:110; Lebow & Rekart, 2006:79; Sarrazin & Cyr, 2007:77). Klinici en forensiese praktici is trouens in ooreenstemming dat die mees skadelike effek van egskeiding op kinders se aanpassing en welstand die blootstelling aan ouerlike konflik is (Bernet, 2015:1; Visser *et al*. 2017:3055) en dat ouerlike konflik ŉ primêre oorsaak van die negatiewe impak op betrokke kinders is (Bernett, 2015:1; Joyce, 2016:643; Malcore *et al*. 2010:51; Mitcham-Smith & Henry, 2007:368; Visser *et al*. 2017:3055) asook ŉ hoof- bepalende faktor van die kind se post-egskeiding aanpassing (Scharff, 2004:271).

Met ouerlike konflik as een van die hoofkenmerke in ŉ hoëkonflikegskeiding (Mitcham-Smith & Henry, 2007:368), kan die stelling gemaak word dat hoëkonflikegskeidings meer skadelik is as egskeidings waar daar nie hoë konflik voorkom nie en daarbenewens kan lei tot groter negatiewe gevolge. Mitcham-Smith en Henry (2007:368) asook Joyce (2016:643) beaam hierdie stelling deur te staaf dat hierdie aaneenlopende en aanhoudende hoëkonflikegskeidings lei tot ’n groter substansiële emosionele risiko en sielkundige skade vir kinders as ander egskeidings. Trouens, verskeie outeurs (Demby, 2016:45; Jacobs & Jaffe, 2010:17) voer aan dat hierdie blootstelling aan kroniese hoë vlakke van ouerlike konflik ŉ betekenisvolle risikofaktor is ten opsigte van die negatiewe impak op die kort- en langtermynaanpassing van kinders. Gevolge soos gedragsprobleme (Henry *et al.* 2011:457), angstigheid, depressie en ŉ lae selfbeeld (Jacobs & Jaffe, 2010:17), kognitiewe dissonansie en vlakke van geestelike ongemak (Bernet, 2015:2),

geïnternaliseerde en geëksternaliseerde probleme, en die risiko tot laer vlakke van sielkundige funksionering (Painter, 2016:4) vergesel die konflik.

Die rede hiervoor, eenvoudig gestel, volgens Henry *et al.* (2011:456) is dat onopgeloste ouerlike konflik die neiging het om ouerlike kapasiteit beduidend te verminder (Smyth & Moloney, 2019:77) en ouers betrokke in hoëkonflikegskeidings hoofsaaklik in eie belang optree en nie in die beste belang van die kind nie. Instemming kan betuig word met Joyce (2016:647) se stelling dat kinders vasgevang in die emosionele onstabiliteit van 'n hoëkonflikegskeiding 'n vorm van emosionele verwaarlosing en mishandeling is.

Literatuur oor die potensiële tekens van hoëkonflikegskeidings, oftewel sosiale merkers, en die begrip van die sosiale merkers van volgehoue konflik tussen ouers is relatief skaars (Jacobs & Jaffe, 2010:18; Levite & Cohen, 2012:46; Malcore *et al*. 2010:51).

Ter opsomming word gemeld dat hierdie sosiale merkers (Haddad *et al.* 2016:254; Levite & Cohen, 2012:47) die distorsie van realiteit en emosies (Ehrlich, 2001:308), teenwoordigheid van vrees en angstigheid by partye (Stacer & Stemen, 2000:245), finansiële omstandighede (Bonach, 2005:79) en/of die toegang tot en hantering van kinders (Levite & Cohen, 2012:46) kan insluit. Cashmore en Parkinson (2011:186) voer aan dat navorsing in hierdie area hoofsaaklik teoreties van aard is en dat empiriese ondersoek van hierdie sosiale merkers nog ontbreek. Binne hierdie studie sal daar na die kenmerkende eienskappe as "sosiale merkers" verwys word. Sosiale merkers word vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer as 'n aanduiding van die status van 'n verskynsel (*Cambridge Dictionary*, 2019).

Die moontlike bestaan van sosiale merkers vir hoëkonflikegpare word nie ontken nie (Haddad *et al*. 2016:244; Malcore *et al*. 2010:52); die navorsing blyk egter nog in die eksplorerende fase te wees, met die gevolg dat daar ʼn behoefte bestaan om verdere navorsing oor die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings op ʼn empiriese wyse te doen. ʼn Beter en duideliker empiriese verstaan van die sosiale merkers kan lei tot die onderskeiding tussen "geraas" (noise) en die sosiale merkers wat werklik hoë vlakke van konflik binne ʼn egskeidingskonteks kenmerk. Verder blyk daar nie literatuur rakende die merkers van hoëkonflikegskeidings binne die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar te wees nie en kan die moontlikheid dat reeds genoemde sosiale merkers soos aangedui in internasionale literatuur, verskil binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Ten spyte daarvan dat Combrinck (2014:21) sowel as die Suid-Afrikaanse navorsers Bosch-Brits *et al.* (2018:91) tot die gevolgtrekking kom dat hoëkonflikegskeidings nie slegs een oorsaaklike faktor het nie, blyk die genoemde outeurs se opinie rakende oorsake en/of karaktereienskappe van hoëkonflikegskeidings gebaseer te wees op internasionale literatuur. Trouens, daar word nie ʼn aanduiding gegee of genoemde verskynsel se kenmerkende eienskappe binne die Suid-Afrikaanse konteks ooreenstem met internasionale literatuur nie.

Barker en Branson (2000:3), Munson (2011:37) en die *Government Gazette* (2020:99) verduidelik dat forensiese maatskaplike werk ʼn spesialiteitsveld is waar die maatskaplike werker met wetgewing as fondasie individue sistematies evalueer. Die Nasionale Organisasie van Forensiese Maatskaplike Werk (2019) meld ook dat die maatskaplike werker se rol gedurende die egskeidingsproses die assessering van betrokke volwassenes en minderjarige partye insluit om daarna aanbevelings te maak ten opsigte van die plasing en versorging van die kinders.

Hierdie assessering en evaluering geskied ook in kontekste waar konflik en dispute tussen individue voorkom. Die mandaat van ŉ forensiese maatskaplike werker binne ŉ egskeidingsaak sal dus wees om die betrokke partye te assesseer om ŉ gepaste aanbeveling aan die hof te maak rakende die volwassenes se funksioneringstatus en watter versorgingsopsie in die beste belang van die kind(ers) sal wees.

Soos reeds genoem, is die skadelikste effek van ŉ egskeiding op die kinders se aanpassing en welstand die blootstelling aan ouerlike konflik. Die gevolgtrekking is dus dat hoëkonflikegskeidings destruktief is vir kinders en gevolglik kan lei tot substansiële emosionele risiko's en sielkundige skade.

Tans bestaan daar geen internasionale of plaaslike stelsel of assesseringshulpmiddel wat die forensiese maatskaplike werker, wat met hierdie sake werk, kan help om met meer sekerheid die moontlike sosiale merkers wat hoëkonflikegskeidings kan identifiseer, uit te wys nie. Die vroeë waarneming en identifisering van sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings kan die forensiese maatskaplike werker bemagtig om hoëkonflikegskeidings reeds met die aanvang van die assessering te herken en daarvolgens aanbevelings wat in die beste belang van die kind(ers) sal wees aan die hof of wetlike outoriteite te maak. Voorkomende optrede en 'n intervensie wat spesifiek fokus op die hoë vlakke van konflik in ŉ poging om die betrokke kind(ers) reeds met die aanvang van die egskeiding op 'n gepaste wyse teen die langstaande hoë vlakke van konflik tussen die egpaar te beskerm, kan geskied.

Met die inagneming van die bogenoemde is dit duidelik dat daar ŉ gaping in die literatuur is deurdat die forensiese maatskaplike werker nie oor die gepaste gereedskap beskik om individue binne ŉ egskeidingsproses gekenmerk deur hoë konflik binne die Suid-Afrikaanse konteks te

evalueer nie. Hierdie navorsingstudie probeer om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: "Wat is die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is?"

## 2. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorser het probeer om deur middel van ŉ literatuur- en empiriese studie sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer. Bless *et al*. (2013:20) sowel as Rubin en Babbie (2015:120) verduidelik dat ŉ literatuuroorsig uitgevoer word om sodoende ŉ kennisbasis van bestaande teorie en navorsing te ontwikkel deur ŉ proses van hersiening van die bestaande literatuur oor die spesifieke onderwerp. Met die inagneming van die doel van die studie is ŉ kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik: Daar is gebruik gemaak van nie-waarskynlikheidsteekproefneming en sneeubalsteekproefneming weens die onmoontlikheid om ŉ waarskynlikheidsteekproef van maatskaplike werkers wat werksaam is met hoëkonflikegskeidings, uit te voer. Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude met die elf geïdentifiseerde deelnemers, wat geïdentifiseer is deur sneeubalsteekproefneming, gevoer.

## 3. NAVORSINGSBEVINDINGE

Die doel van die studie was om die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer. Vanuit die bevindinge het dit duidelik geblyk dat sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings veelvuldig is en op gekompliseerde en verskillende wyses met mekaar in interaksie tree. Die navorser het bevind dat hoëkonflikegskeidings nie universeel by egpare ontwikkel nie, maar dat elkeen se ontwikkelingskonteks van egpaar tot egpaar verskil en deur hul unieke omstandighede bepaal word. Die navorser het ŉ kwalitatiewe benadering in die studie gevolg om ŉ indieptebegrip te ontwikkel van die sosiale merkers van hoë konflikegskeidings waarby kinders betrokke is.

## 3.1 Profiel van deelnemers

Die deelnemers het bestaan uit elf maatskaplike werkers in privaat praktyk, wat werksaam is met kliënte betrokke in egskeidings met hoë vlakke van konflik. Die navorser het van aangesig tot aangesig semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak om data in te samel.

### *3.1.1 Identifiserende profiel van deelnemers*

Die elf deelnemers het vrywillig ingestem om deel te neem aan die studie. Die deelnemers is maatskaplike werkers in privaat praktyk wat werk met kliënte wat betrokke is in hoëkonflikegskeidings.

| **Deelnemers** | **Jare ervaring** | **Manlik/Vroulik** | **Kantoor** |
|---|---|---|---|
| D1 | 20+ | Vroulik | Kaapse Wynland Distrik |
| D2 | 30+ | Vroulik | Kaapstad Metropool |
| D3 | 20+ | Vroulik | Kaapstad Metropool |
| D4 | 15+ | Vroulik | Kaapse Wynland Distrik |
| D5 | 15+ | Vroulik | Kaapse Wynland Distrik |
| D6 | 20+ | Vroulik | Kaapse Wynland Distrik |
| D7 | 10+ | Vroulik | Kaapse Wynland Distrik |
| D8 | 15+ | Vroulik | Kaapse Wynland Distrik |
| D9 | 30+ | Vroulik | Kaapstad Metropool |
| D10 | 20+ | Vroulik | Kaapstad Metropool |
| D11 | 20+ | Vroulik | Kaapse Wynland Distrik |

Tabel 1: Besonderhede van deelnemers

Tabel 1 dui aan dat ŉ totaal van elf deelnemers deelgeneem het aan die studie. Al die deelnemers in hierdie studie is gekwalifiseerde maatskaplike werkers wat hul B-graad in maatskaplike werk by ŉ tersiêre opleidingsinstansie verwerf het. Al die deelnemers is tans werksaam in privaat

praktyk en geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Professie (SACSSP). Die maatskaplike werker met die minste ervaring, het 15 jaar ervaring gehad en die maatskaplike werkers met die meeste ervaring het 30 jaar ervaring gehad. Daar kan dus afgelei word dat die maatskaplike werkers almal ervare is op die gebied van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is.

### 3.2 Temas en subtemas verkry vanuit die onderhoude

Drie temas is vanuit die data geïdentifiseer: Intrapersoonlike faktore, interpersoonlike faktore en eksterne faktore. Elke tema het sub-temas en kan as volg weergegee word:

| Tema Nommer | Tema | Sub-tema |
|---|---|---|
| **1.** | Intrapersoonlike faktore | 1.1 Persoonlikheidsafwyking |
| | | 1.2 Emosionele intelligensie |
| | | 1.3 Ervaring van verlies |
| **2.** | Interpersoonlike faktore | 2.1 Individuele geskiedenis en familie-ervarings |
| | | 2.2 Gebrekkige interpersoonlike vaardighede |
| | | 2.3 Onvoldoende kennis oor egskeiding |
| | | 2.4 Gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en substansiemisbruik |
| **3.** | Eksterne invloede | 3.1 Regstelsel |
| | | 3.2 Finansies |
| | | 3.3 Mede-ouerskapsuitdagings: toegang tot en hantering van kinders. |
| | | 3.4 Addisionele persone |

Tabel 2: Temas en subtemas soos verkry vanuit onderhoude

ŉ Bespreking van die temas en subtemas afkomstig van die semi-gestruktureerde onderhoude volg:

**TEMA 1: Intrapersoonlike faktore**

Van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings kan as intrapersoonlike faktore geïdentifiseer word. Intrapersoonlike faktore verwys na die sielkundige, kognitiewe en emosionele aspekte van ŉ persoon asook sy oortuigings, houdings en lewenservaring. (Cordova *et al.* 2013:246). Hierdie tema verken die deelnemers se ervaring, kennis en begrip van die rol van intrapersoonlike faktore binne die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings.

***Sub-tema 1.1: Persoonlikheidsafwykings***

Al die deelnemers het opgemerk dat hulle nie opgelei is om kliniese diagnoses ten opsigte van psigopatologie te maak nie, maar het tog genoem dat hulle wel tekens van patologie by ouers waarneem wat ŉ besliste merker is vir hoëkonflikegskeidings. Betekenisvolle reaksies in hierdie verband sluit in:

> *Ek sien ... en ek kan nie diagnoseer nie. Ek dink ons kan sê ons sien simptome. Ons kan nie diagnoseer nie, maar ons sien simptome (D3).*

> *Very very very difficult. I think it is one of the biggest contributions (D9).*

Dit is in ooreenstemming met literatuur (Baum, 2004; Baum & Shnit, 2003; Donner, 2006; Eddy, 2016; Friedman, 2004; Levite & Cohen, 2012; Mitcham-Smith & Henry, 2007; Neff & Cooper, 2004; Polak & Saini, 2019; Renner & Leibetseder, 2000) wat meld dat die eksterne destruktiewe gedrag van die individue betrokke in hoëkonflikegskeidings oor die algemeen benoem kan word as een of ander persoonlikheidsversteuring. Trouens, Elrod (2001:500) meld dat die teenwoordigheid van geestesgesondheidsversteurings ŉ oorsaaklike faktor vir

hoëkonflikegskeidings kan wees en Neff en Cooper (2004:100) beweer op grond van bogenoemde studies dat persoonlikheidsversteurings 'n algemene verskynsel onder ouers is waar hoë konflik voorkom en moontlik een of beide ouers in soveel as 60% van sake affekteer. Die literatuur (Amundson & Short, 2018; Donner, 2006:550; Eddy, 2016:26; Fisher, 2012:1; Friedman, 2004:108; Miller, 2013:15; Polak & Saini, 2019:122) meld dat veral grenslynpersoonlikheidsversteuring en narsissistiese persoonlikheidsversteuring bekende temas binne die konteks van hoëkonflikegskeidings is. Polak en Saini (2019:123) rapporteer ook dat verskeie outeurs 'n sterk assosiasie tussen ouers betrokke in hoëkonflikegskeidings en die teenwoordigheid van geestesgesondheidsversteurings en onopgeloste emosionele kwessies aandui (Bonach, 2005; Fisher, De Graaf & Kalmijn, 2005; Neff & Cooper, 2004; Rutter, 2005;). Mojtabai *et al.* (2017:1217) het ook bevind dat individue met algemene geestesgesondheidsversteurings (insluitende gemoedsversteurings) 'n groter risiko is vir huweliksontbinding.

Alhoewel die deelnemers nie in 'n posisie is om formele diagnoses van persoonlikheidsversteurings te maak nie, word hulle opinies dat die betrokke persone se destruktiewe gedrag toegeskryf kan word aan persoonlikheidversteurings ondersteun deur literatuur.

***Sub-tema 1.2: Emosionele intelligensie***

Deelnemers 1, 2, 4, 5, 7, 8, 9, 10 en 11 het melding gemaak van die rol van emosionele intelligensie in hoëkonflikegskeidings. Vir die doel van hierdie studie word die term "emosionele intelligensie" omvattend gedefinieer as verwante emosionele en sosiale vaardighede, vermoëns en aspekte wat bepaal hoe goed individue hulself verstaan en uitdruk, ander verstaan (vermoë tot empatie en simpatie) en tot ander verwant voel, asook hoe individue daaglikse eise, uitdagings en druk hanteer (Furnham, 2012:3). Alhoewel emosionele intelligensie relevant is in enige verhouding en veral in 'n huwelik en verskeie outeurs soos onder andere Eslami, *et al.* (2014), asook Lavalekar *et al.*

(2010) ŉ positiewe verhouding tussen emosionele intelligensie en huwelikstevredenheid vind, het die navorser, ooreenstemmend met Foltyn (2018:3), bevind dat daar beperkte studies is wat inligting bied rakende die rol van emosionele intelligensie gedurende egskeiding.

Die deelnemers het eerstens gerapporteer dat individue wat dit uitdagend vind of ŉ onvermoë toon om werklik van hul eie emosies bewus te wees en dit te verstaan, vasgevang kan word in konflik. Van die terugvoer sien as volg daaruit:

> *If they are able to put it into their own bubble or space and say I am not necessarily saying that that person is to blame for it, but this is my stuff, I am angry, I am upset and I need to work on that. So that when I am with my child, I can put my child first. You know … a very mature emotionally intelligent parent (D9).*

> *… as ŉ persoon goed insig het oor hulself en hulle eie prosesse, dan werk dinge baie beter. As iemand beperkte insig het rondom hulle eie prosesse en emosies, maak hulle dit baie moeilik vir my … dit bring totaal en al ŉ ander dinamika na die proses toe (D10).*

Die deelnemers was van mening dat, sou die ouer hul eie emosie korrek en eerlik kan identifiseer en erken en sodoende insig toon in hul eie emosionele status en prosesse, die vlakke van konflik minder aangevuur sal word. Thomas *et al*. (2019:68) meld dat individue met hoë emosionele intelligensie hulle eie emosies beter verstaan. Die deelnemers het tweedens spesifiek melding gemaak dat individue se onvermoë om hul eie emosies te beheer, bydra tot konflik deurdat hulle emosioneel reaktief optree en Saini (2012:175) rapporteer dat hoë vlakke van konflik ontwikkel weens die ouers se slegte hanteringsmeganismes.

Cohen en Levite (2012:392) verduidelik dat die persone ŉ gebrek het aan maniere om hul frustrasies, woede, haat, pyn of ambivalensie te hanteer; hulle kan nie die angstigheid wat gewek word hanteer nie en probeer om dit op te los op wyses wat die konflik binne die egskeiding aanvuur. ŉ Studie gedoen deur Thomas *et al.* (2019:68) het bevind dat kognitiewe emosionele regulering beduidend geassosieer was met hoër emosionele intelligensie, wat weer gelei het tot intrapersoonlike groei by die individu. Hierdie resultate dui dus daarop dat emosionele intelligensie een meganisme is waardeur sekere kognitiewe emosionele regulasieprosesse, soos positiewe herfokussering en positiewe aanpasbare funksionering gefasiliteer kan word. Indien een of beide individue egter vlakke van emosionele reaktiwiteit toon, lei dit tot die verhoging van die gesin se vyandige emosionele klimaat. Anderson *et al.* (2011:19) meld dat hierdie egpare hoogs emosioneel reaktief is en ook geneig is om mekaar te beswadder. Verder presenteer hierdie individue met lae vlakke van differensiasie, asook ŉ onvermoë om verantwoordelikheid te neem vir hulle aandeel in die konflik. Cohen en Levite (2012:49) verduidelik verder dat hierdie egpare oor die algemeen nie in staat is om die kompleksiteit van die emosionele proses te beheer of te reguleer nie. Anderson *et al.* (2011:19) meen dat hierdie onvermoë tot emosionele regulering lei tot ŉ emosionele klimaat van antagonisme en vervreemding of hulpeloosheid en ook wraak.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, is dit duidelik dat individue se vlakke van emosionele intelligensie ŉ rol speel in hul vermoë om die aanpassing van getroud na geskei vlotter te voltooi deurdat hulle insig toon oor hul eie emosionele response en die gewese eggenoot se emosionele response, asook om op empatiese wyses teenoor hul gewese eggenoot op te tree. Trouens, verskeie outeurs (Bricker, 2005; Ciarrochi *et al.* 2000; Michelle, 2005; Shujja *et al.* 2020:4) is van mening dat emosionele intelligensie die vermoë om aan te pas ná die egskeiding affekteer en verdere studies dui daarop dat emosionele intelligensie as buffer dien teen groot lewenstressors soos egskeidings en as sodanig help met aanpassing,

***Sub-tema 1.3: Ervaring van verlies***

Kübler-Ross (1969) het ŉ model bestaande uit vyf fases ontwikkel. Die vyf fases beskryf die emosies wat mense ervaar gedurende die ervaring van verlies. Hierdie fases bestaan uit ontkenning en isolasie, woede, onderhandeling, depressie en laastens aanvaarding (Kirst-Ashman, 2017:347). Uit die deelnemers se response het veral ontkenning, woede en die gebrek aan aanvaarding voorgekom. Deelnemers 2, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10 en 11 het melding gemaak van verskeie verliese wat ouers ervaar gedurende egskeidings, naamlik verlies aan tyd saam met kinders, verlies aan beheer en inligting rakende kinders se gebeure en mylpale, verlies aan die liefdesverhouding en gepaardgaande drome en status as egpaar, verlies aan finansies en verlies aan lewenswyses.

> *En baie dikwels is die persoon wat die hoë konflik het, juis die persoon wat so sukkel met die verlies van … die verlies van die huwelik, die huis, die finansies, die ondersteuning, bloot die status om getroud te wees (D2).*

> *Ek dink ook dis verlies aan beheer. Want skielik het ek nie meer beheer oor wat my kinders … as pappa gaan party in die aand kan ek nie vir hom sê hy mag nie vloek voor die kinders nie. Wie gaan dit beheer? Jy het beheer oor die huis verloor want dit is haar/sy huis. Daar is verlies aan inligting … vrou sê nie vir my van die rapporte nie (D4).*

> *En dan is dit gewone mense wat bang is hulle verloor hulle kinders (D5).*

> *Daar is ŉ verlies aan status … Ek meen as dit ŉ stay at home mommy was en nou moet sy begin werk. Dit gaan ŉ uitdaging wees. Ek dink daar is baie verliese (D6).*

> *Liefde is geshatter. Die droom van liefde is geshatter … so daar is drome wat geshatter is (D8).*

> *And he says my daughter is my life, it is my happy space and this woman has taken her away and I can't even get extra time. And I have lost that wonderful advantage of being a parent that sees my child in the morning and in the evening (D9).*

Die literatuur beaam dat ouers wat deur ʼn egskeiding gaan veelvuldige verliese ervaar soos onder andere die hoop en verwagtinge ten opsigte van die toekoms (Cohen & Levite, 2012:392), die afname in sosio-ekonomiese status en gemak, sekuriteit, en veranderinge in lewenstyle vir beide ouers en kinders (Ravits, 2011:205) asook die algemene verlaging van lewenstyl (Lowenstein, 2005:165).

Volgens hierdie model deur Kübler-Ross word die laaste fase, synde aanvaarding, slegs bereik indien die vorige fases suksesvol deurgewerk word. Indien die persoon by een fase in die rouproses vassteek, stol die proses wat veronderstel is om op aanvaarding uit te loop. Die suksesvolle verwerking van elke fase is dus van kritieke belang vir die gesonde hantering van die verlies.

Deelnemers 1, 4, 7 en 10 het melding gemaak van ouers wat vasval binne die ontkenningsfase en ʼn distorsie van hul eie realiteit en emosies ontwikkel. Die deelnemers het genoem dat hierdie ouers nie bewus is van die werklike status van hul omstandighede nie, of anders gestel, hulle omstandighede ontken, en so tonnelvisie ontwikkel deur die aanneem van ʼn wen-verloor kognisie.

> *Maar ek dink uit hulle eie is hulle te veel in die fight. Hulle verloor die realiteit. Want hulle is so in hulle boksie van seer ... so hulle kan nie sien wat aangaan nie. En dit is makliker om te baklei as om te verloor. Solank as wat ek baklei, het ek nog nie verloor nie. ... mag…verloor, as ek gaan toegee gaan ek verloor. Dit is makliker om seer te maak as om seer te kry. En dan het ek weer beheer (D4).*

*Mens kan seker sê hulle is so gefokus waarop hulle self deurgaan. Hulle kan nie die hele prentjie sien nie. Ek dink hulle is maar net baie gefokus op hulle eie pyn en nie miskien die ander persoon se siening altyd insien nie (D6).*

*Wel, mag. Mag in dit self is ŉ dryfkrag. Dit gaan oor om te wen. Power-corrupt. Mag is baie addictive. Dit in self is ŉ dryfkrag. Mense soek mag, hulle soek control. Hulle wil voel hulle het gewen. En miskien ook in die proses die ander ou te verneder. Ek kry die kind [jammer], so kry jy nou jou verdiende loon (D7).*

Cohen en Levite (2012:394) verduidelik dat egpare wat vasgevang word in dié ontkenningsiklus van oorlewing, verwar fantasie en realiteit en die interne wêreld en eksterne wêreld. Demby (2016:458) en Ehrlich (2001:308) verduidelik dat die ontkenning van die realiteit en so ook die belewenis van die emosies, die verwerking van rougevoelens voorkom. Anderson *et al.* (2011:08) en Ehrlich (2001:308) verduidelik verder dat die natuurlike rouproses (wat die erkenning van liefde, respek, pyn en verlies behels) vervang word deur dualistiese denkwyses (swart of wit, alles of niks, goed of sleg) wat die ander individu swartsmeer en gefokus is op woede (wat deel is van die natuurlike proses van rou volgens Kübler-Ross se model) en haat. Dit lei tot ŉ verdere distorsie van realiteit deurdat die individue verwronge en oordrewe negatiewe sienings van mekaar ontwikkel en nie anders kan as om in wantroue en vyandigheid teenoor mekaar op te tree nie (Demby, 2016:458; Mitcham-Smith & Henry, 2007:369). Om vasgevang te wees binne hierdie rou-fase kan tot konflik lei omdat (weens die ervaring van gevoelens van ontoereikendheid, skaamte en verwerping) die individue dikwels gedryf is om mekaar te verkleineer in ŉ poging om hul eie selfbeeld te herstel (Ehrlich, 2001:308).

Die deelnemers het ook melding gemaak van ouers wat vasval binne die woede-fase, wat dan lei tot ŉ verminderde bydrae tot probleemoplossing en dus verhoogde vlakke van konflik (Neff &

Cooper, 2004:10). Die deelnemers is egter van mening dat gevoelens van vrees, angstigheid en seer weens verliese onderliggend is aan die ouers se aggressiewe en woede-gedrewe gedrag en dat die ouers ŉ onvermoë toon om hul woede en angs te hanteer. Elrod (2011:500) is van mening dat hierdie ouers se onvermoë om hul woede verantwoordelik te bestuur, ŉ oorsaaklike faktor tot hoëkonflikegskeidings is. Die navorser wil dit egter noem dat om kwaad te wees en die onvermoë om daardie woede te bestuur, nie dieselfde is nie. Met inagneming van die vorige moet daar dus ook gekyk word na die moontlikheid dat die persoon nie noodwendig vasval nie, maar dat die individue gewoon nog in die woede-fase is en nie die konflik effektief hanteer nie.

> *Veral in jou woede-fase is baie hoë potensiaal vir konflik. En natuurlik ook in jou angs … angs wat baie keer presenteer as woede, maar onderliggend is daar maar angs wat ook baie konflik aanwakker (D7).*

> *Ek sê altyd daai twee loop saam; jy voel verwerp en jy is kwaad en jy wil iets terug doen aan daai een wat jou nou laat voel dat jy nie goed genoeg is nie. Dit is ŉ meer aanvaarbare emosie … dit voel jy stel jouself baie minder bloot. So onderliggend aan woede is daar pyn (D2).*

Elrod (2011:500), Saposnek en Rose (2004:03) Stacer en Stemen (2000:245) konstateer dat seer, vrees, vernedering, verlies, onsekerheid, verlating en magteloosheid die primêre dinamika is wat die hoë vlakke van woede en konflik dryf, maar dat die ouers selde bewus is dat dit vrees is wat hul aksies beheer. Stacer en Stemen (2000:246) verduidelik voorts dat hierdie oer-vrese lei tot die ontwikkeling van angstigheid, wat gevolglik weer bydra tot verdere hoë vlakke van woede en konflik. Soos ook verduidelik deur die deelnemers, lei hierdie woede en die aggressie tot aanvalle wat persoon-gefokus is in plaas van saak-gefokus en kan aanstootlik en ongevraagd voorkom. Aggressie kan verbaal of fisiek voorkom (met fisieke aggressie wat reaktief van aard is en ŉ resultaat is van wedersydse eskalasie) (Anderson *et al*. 2011:17; Joyce, 2016:644), asook in die

vorm van agtervolging en teistering (Stacer & Stemen, 2000:243). Weens ŉ onbewustheid van die oorsprong van die betrokke partye se aggressiewe gedrag, ervaar elke eggenoot die ander een se woede as ŉ werklike dreigement in plaas van ŉ uitdrukking van onsekerheid, met die gevolg dat die voorkoms van beide fisieke en sielkundige aggressie hoog is by hierdie egpare.

Die deelnemers het daarop uitgebrei dat die gebrek aan aanvaarding van die ervaarde verliese en volgens hulle gevolglik ook die gebrek aan vergifnis teenoor die ander ouer verder deel vorm van ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings:

> *En die een het vergewe en die ander een het nie. En dis miskien hoekom daai een elke keer hof toe gaan, want hy het nie … En dit maak ook aantygings soos dis mamma se skuld dat ons nie meer bymekaar is nie, dis pappa se skuld … Dis eintlik al twee se skuld (D4).*

Literatuur verduidelik dat, sou ouers nie die verlies van hul huwelik aanvaar en daaroor treur nie, hul risiko vergroot om vas te val binne gevoelens van onopgeloste seer, wat dan gevolglik lei tot bitterheid en woede (Demby, 2016:458; Mahrer *et al.* 2018:326). Die gebrek aan aanvaarding en vergifnis lei tot ouers wat vanuit die oortuiging funksioneer dat sou hulle nie baklei nie, hulle die swak ouer sal wees wat die oorlog verloor en magteloos gelaat word. Gevolglik sal hierdie ouers kronies baklei en slegs ophou wanneer hulle "wen" of hul bates vir die "oorlog" op is. Visser *et al.* (2017:3056) maak die gevolgtrekking dat, om ŉ effektiewe mede-ouerskapsverhouding te handhaaf, ouers die egskeidingsproses moet aanvaar en mekaar moet vergewe.

Laastens het deelnemers 1, 6, 7, 9 en 11 verduidelik dat die ouers nie altyd in dieselfde rou-fase is nie, en dit lei ook tot konflik:

> *En dan natuurlik is die ma en die pa en die kinders almal op ŉ verskillende fase van verliesverwerking wat maak dat hulle nie noodwendig eye to eye sien nie. Die verliese affekteer hul emosionele funksionering. Byvoorbeeld, as die ma nog in ontkenning is en die pa het al aanvaar … jy weet, daar is so groot gaping tussen hulle, hulle gaan nie mekaar kan sien nie (D7).*

Dit word beaam deur Saposnek en Rose (2004:1) wat verduidelik dat alhoewel die wetlike aspek van ŉ egskeiding gesien word as ŉ eenmalige gebeurtenis, die emosionele egskeiding ten beste beskryf kan word as ŉ proses wat minimum oor ŉ aantal jare en maksimum oor ŉ leeftyd plaasvind.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat die ouers se reaksies teenoor hul verliese ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings kan wees deurdat hulle nog nie by die gewenste stadium, naamlik aanvaarding, uitgekom het nie. Die keuse om in die aggressie-fase te bly en ŉ wen-verloor kognisie aan te neem en ’n gevolglike oorlogsbenadering, vorm deel van hul gedrag teenoor mekaar. Die rede hiervoor is, en word ook ondersteun deur Ehrlich (2002:308), dat ouers kies om mekaar as vyande te sien en dat hul gedrag toon wat vir hulle in beheer plaas en ook die mag teenoor die ander ouer en selfs die egskeiding sal bied.

**TEMA 2: Interpersoonlike faktore**

Van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeiding kan as interpersoonlike faktore benoem word. Interpersoonlike faktore verwys na persone se ouderdom, opleiding, houdings en gesondheid, lewensomstandighede en interaksie met ander (Sellars *et al.* 2019:3). Die tema verken die deelnemers se ervaring, kennis en begrip van die rol van interpersoonlike faktore binne die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings.

***Sub-tema 2.1: Individuele geskiedenis en familie-ervarings***

Deelnemers 1, 4, 5, 7, 8 en 9 het aangedui dat die betrokke persone se individuele geskiedenis en vroeë gesinservarings, met spesifieke verwysing na die persoon se eie gehegtheid aan ŉ primêre versorger tydens kinderjare, ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings kan wees.

> *Daar is mense met attachment-probleme. En baie keer is dit twee ouers met insecure attachments wat dan by mekaar uitkom. En as dit ŉ disorganized attachment is, is dit nog moeiliker vir daai mense om ŉ sinvolle verhouding te hê wat voorspelbaar en reciprocal is wat vir mekaar kan omgee wys (D5).*

> *Die ma het geweldige trauma van haar kinderjare af … sy sit met geweldige historiese trauma wat sy nooit verwerk het nie en dit het haar emosionele funksionering geaffekteer (D7).*

> *Within a lot of cases it is their own childhood issues that come up … childhood problems which they project and so they fail to be able to put themselves in the children's shoes (D9).*

Anderson *et al.* (2011:21) en Ehrlich (2001:308) werp lig op die deelnemers se menings wanneer verduidelik word dat elemente van persone se geskiedenis uit hul kinderjare soos die ervaring van trauma, mishandeling, verwaarlosing, verlies, skeiding en verwante ongeborge gehegtheid belangrik is aangesien hierdie vroeë ervarings van die kinderjare die individu se vermoë om binne intieme verhoudings vertroue te vestig, geborge gehegtheid te vorm, en stres te bestuur, beïnvloed.

Hierdie ervarings lei daartoe dat individue nie die wêreld as ŉ veilige plek sien nie. Gottman en Driver (2005:64) sowel as Saini (2012:175) verduidelik dat individue met só 'n siening dit meer uitdagend kan vind om die oorgangstydperk van getroud na geskei te hanteer; gevolglik loop hulle ŉ hoër risiko om vasgevang te word in siklusse van interaksies gekenmerk deur terugtrekking-

(hartseer, onttrekking, afgryse en vermyding van kommunikasie en samewerking) of kritiserend-verdediginginteraksie (wat gevoelens insluit van kritiek, woede, minagting, vyandigheid en selfregverdigheid). Ander outeurs beaam die rol van gehegtheid binne die raamwerk van hoëkonflikegskeidings, soos onder andere Saini (2012:175) wat hierdie hoëkonflikgedrag as ŉ gedisorganiseerde volwasse gehegtheidsrespons beskryf en Smyth en Moloney (2017:409) wat aanvoer dat geïnternaliseerde ouerlike haat gesien kan word as ŉ produk van diep-gesetelde negatiewe gehegtheid tot die vorige eglied.

***Sub-tema 2.2: Gebrekkige interpersoonlike vaardighede***

Deelnemers 1, 2, 3, 5, 6, 7, 8, 9, 10 en 11 het aangedui dat die tekort aan interpersoonlike vaardighede (vaardighede vir kommunikasie en interaksie met ander) by een of beide ouers gesien kan word as ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeiding. Die deelnemers het gespesifiseer dat gebrekkige kommunikasievaardighede en/of die afwesigheid van kommunikasie tussen die ouers (wat dan oorspoel na gebrekkige probleemoplossing en konflikhantering) aanleiding gee tot die ontwikkeling, aanvuring of onderhouding van konflik:

> *Daar word nie gedink nie, daar word nie gesels nie, daar word nie gepraat daaroor … hoekom sê die kind dit, of het jy miskien so iets gedoen? En net so vinnig word dit soort van ge-accelerate tot die hoogste intervensie (D3).*

> *En miskien is miskommunikasie ook baie keer ŉ rede vir konflik. Die man en vrou kan letterlik nie met mekaar praat nie, want wanneer hulle kommunikeer, is dit in elk geval letterlik chaos (D6).*

> *… that would be the biggest causative factor … would be the ignorance of how they handle conflict (D9).*

> *Die grootste probleem is, die ouers kom met posisies, met standpunte: Ek wil die kinders elke tweede week by my hê want ek mis hulle te veel as ek hulle te min sien. Ek kom klaar met die eis in. Mense het nie die vermoë om die probleem te formuleer nie. Mamma sê ek wil tienduisend rand ŉ maand meer onderhoud hê. Dit is die eis wat sy stel. Sy het nie die vermoë om die probleem te formuleer en te sê weet jy die kinders het nou hoërskool toe gegaan, ek beleef dat die uitgawes en die inkomste nou nie meer balanseer nie, kan ons na die begroting kyk en net probeer om bekostigbaarheid hier te bewerkstellig. Hulle neem posisies in (D11).*

Cohen en Levite (2012:390) beaam dat ouers soms so kwaad is vir mekaar en ŉ onvermoë toon om met mekaar oor selfs die eenvoudigste en nietigste aspekte te kommunikeer. Indien daar wel kommunikasie is, bevestig Cohen en Levite (2012:390) die deelnemers se sienings dat hierdie kommunikasie destruktief en skadelik van aard is deur te verduidelik dat kinder-oorhandigings tussen ouers gekenmerk word deur blamering, aantygings en mishandeling; vanaf verbale mishandeling tot fisieke geweld en interaksie word hoofsaaklik takties, aangesien elke individu probeer om die ander een se gedrag te blokkeer om sodoende vir hom-/haarself ŉ voordelige posisie in die oorlog te verseker. Treloar (2019:89) het in haar empiriese studie met vyf-en-twintig ouers wat betrokke was in hoëkonflikegskeidings gevind dat hul kommunikasie so oneffektief was dat die bereiking van konsensus onmoontlik was. Verder het die deelnemers aangedui dat wanneer ouers wel kommunikeer, hulle mekaar op posisionele en eisende wyses benader: In plaas daarvan om hul behoeftes te verbaliseer en te kommunikeer sodat die ander persoon insig kan ontwikkel in die ouer se onderliggende motiverings, waardes, aansporings en behoeftes, maak hulle oppervlakkige stellings en/of maak hulle gebruik van beskermingsmeganismes soos verdeling (die organisering van ervarings in kategorieë soos liefde teenoor haat), projektering, ontkenning, rasionalisering (Mayer, 2017:279), vermyding en onttrekking, (Anderson *et al.* 2011:17; Mayer, 2017:279). Hierdie gebrekkige maniere van kommunikasie en interaksie lei tot verdere aanvalle en ŉ aggressiewe klimaat.

Deelnemers 1, 7, 8, 10 en 11 het ter afsluiting genoem dat hierdie genoemde gebrekkige interpersoonlike vaardighede reeds voor die egskeiding in die huwelik teenwoordig was en dat die konflik wat in die egskeidings afspeel, slegs ŉ voortsetting (oftewel ŉ eskalasie) van konflik is:

> *Ek dink baie baie min mense is voorbereid op die werklikheid en realiteit van ŉ egskeiding. Ek dink baie mense dink dit is die einde van ŉ disfunksionele huwelik … en baie min mense is voorbereid dat dit eintlik ŉ voortgesette disfunksionele post-divorce realiteit vir hulle is. Hulle skei om uit te kom uit die huwelik wat dan nou kwansuis traumaties en toksies is, maar die blote beëindiging van die huwelik beëindig nie die hoë konflik en toksisiteit nie (D1).*

> *Maar daar was klaar passiewe aggressie, daar was klaar aggressie, daar was klaar swak kommunikasie. Nou kan ons nie verwag ŉ krisis soos ŉ egskeiding moet skielik hierdie mense in uitstekende kommunikeerders met ruimhartigheid en vergewensgesindheid laat ontwikkel as dit nie deel van die verhouding in die huwelik was nie (D11).*

Elrod (2001:500) beaam die deelnemers se stellings deur te verduidelik dat ŉ bydraende faktor by hoë vlakke van konflik is as die ouers se verhouding reeds voor die egskeiding disfunksioneel was. Dit wil voorkom of die konflik wat die interaksies domineer en die egpaar se kommunikasie karakteriseer in die meeste onderwerpe en situasies (Anderson *et al*. 2011:16) nie ŉ nuwe verskynsel vir die egpaar is nie, maar dat hierdie egpaar se wyse van kommunikasie gekenmerk word deur konflik-interaksiepatrone. Dit kom dus voor dat, soos Stacer en Stemen (2000:243) ook verduidelik, die ouers ŉ onvermoë toon om weg te beweeg van die konflik en ŉ nuwe lewe as enkellopende persoon te begin.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik te wees dat een of beide ouers se onvermoë om konstruktief te kommunikeer en in interaksie te tree met mekaar, voor of na die egskeiding, ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is.

***Sub-tema 2.3: Onvoldoende kennis oor egskeiding***

Deelnemers 2, 3, 5, 7, 9, 10 en 11 het melding daarvan gemaak dat onvoldoende kennis en begrip rakende egskeiding by een of beide ouers ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is. Die deelnemers is van mening dat die ouers nie kundig is oor wat "egskeiding" beteken nie. Hierdie onkunde oor die betekenis en verwante implikasies van egskeiding (soos byvoorbeeld onder andere nuwe rolverdeling, emosionele impak op betrokke partye, rol en impak van howe en doel van mediasie) lei tot ouers wat, ongeag hul goeie bedoelings, gedrag toon wat destruktief is. In plaas daarvan om hulself en ander betrokke partye dus te help om suksesvol deur hierdie aanpassingsperiode te beweeg, werk hulle konflik in die hand. Hul response kan as volg opgesom word:

> *… om vir hulle inligting te gee … education te gee oor wat is die effek op die kinders, wat is die effek op die ander persoon … hoe gaan dit lyk as dit deur die howe gaan eerder as met mediasie. Daar is bewyse daartoe dat die mense baie beter skik wanneer hulle net educated is … wanneer hulle kennis het van wat eintlik aan die gang is (D2).*

> *Die een is onkunde. Mense verstaan nie wat ŉ egskeiding is nie. En hulle maak ŉ klomp foute onnodig vanuit onkunde uit wat dan net die konflik verder aanwakker. Soos hulle gaan polisie toe of gaan kry ŉ beskermingsbevel. Alles goed wat nie nodig was nie. En dan begin dit … dan begin hulle reageer op mekaar se konflik. Jy het dit aan my gedoen, so nou gaan ek weer … nou moet ek myself beskerm. Of as dit jou manier is hoe jy dit gaan hanteer, dan gaan ek aan boord moet kom. (D5)*

*En wat maak hulle rustig? As hulle nie hierdie verwarde, verwronge verkeerde inligting in hulle koppe het nie. Oor wat ŉ egskeiding is en oor wat ŉ kind nodig het nie. As dit by ŉ egskeiding is, moet hulle weet wat het ŉ kind nodig. Want as die ma glo die kinders het nie die pa nodig nie, hoekom sal sy met hom saamwerk? As hulle meer kundig is, is hulle baie vinniger gereed om sinvol met mekaar te kommunikeer en op die kinders gefokus te bly (D5).*

Haddad *et al.* (2016:244) en Henry *et al.* (2011:463) is van mening dat die basiese opleidingsdienste soos opvoeding, ouerleiding, mediasie en egskeidingsberading alleen egter nie die gesinne se unieke behoeftes sal hanteer of hulle eise op re-litigasie sal verminder nie en dus nie noodwendig voldoende is nie. Bacon en McKenzie (2004:97) het program-uitkomste op post-egskeidingsouerskap geassesseer en hul bevindings beaam dat eenvoudige ouerleidingsprogramme wat slegs fokus op die vermindering van konflik onvoldoende is en dat deegliker en meer omvattende opleiding, met die insluiting van opleiding rakende samewerkende en ondersteunende ouerskap en vaardigheidsontwikkeling benodig word.

Pedro-Carroll *et al.* (2001:379) verduidelik dat hierdie oueropleidingsprogramme ouers op só 'n wyse kan lei dat sodanige negatiewe ouerlike gedrag vermy en kinders se veerkragtigheid verhoog sal word. Smit (2009:201) voeg by dat die inhoud van die programme óf raadgewend en terapeuties van aard kan wees óf opvoedkundig van aard kan wees waarin aspekte verwant aan kinders, mede-ouerskap, regs- en finansiële faktore bespreek kan word. Taylor (2005:77) rapporteer oor evalueringsnavorsing gedoen deur Arbuthnot (1996) wat opgemerk het dat ouers wat hierdie opleiding ontvang, se onkunde eerstens vervang is met nuttige en bruikbare ouerskaps- en kommunikasievaardighede, tweedens dat kinders se blootstelling aan ouerlike konflik verminder het, derdens ouers ŉ groter toleransie vir mekaar se ouerskapsrolle ontwikkel het en laastens positiewe veranderinge in kinders se welstand opgemerk is.

Treloar (2019:96) het in haar studie met vyf-en-twintig ouers wat betrokke was in hoëkonflikegskeidings bevind dat die beskikbaarheid van ŉ mentor wat die ouers kon ondersteun en leiding bied binne die regsomgewing en ook inligting kon bied oor die emosionele en persoonlike gepaardgaande prosesse tydens ŉ egskeiding by beide ouers en kinders, volgens die ouers van onskatbare waarde was. Aansluitend by die voorgemelde outeurs meld Bacon en McKenzie (2004:97) se navorsingsbevindinge dat hierdie ouers baie kan baat by ouerleidingsprogramme deurdat dit hulle kan help in die afname van hul konflik en die toename in tevredenheid rakende toegang-, beheer- en ondersteuningsprobleme.

***Subtema 2.4: Gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en substansiemisbruik***

Deelnemers 1, 2, 7 en 10 het verwysings gemaak na mishandeling as ŉ sosiale merker vir hoëkonflikegskeidings, met spesifieke verwysing na gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en substansiemisbruik. Rakende gesinsgeweld is daar spesifiek melding gemaak dat die beëindiging van die huwelik nie outomaties die interpersoonlike geweld wat binne die huwelik geskied het, ook beëindig nie, maar dat hierdie siklus van geweld voortduur en as meganisme dien vir die ontwikkeling van hoë vlakke van konflik gedurende die egskeiding:

> *Daar was ook in hulle verhouding baie sterk merkers van emotional abuse. In hulle huwelik het hy haar konsekwent afgekraak en afgeknou en dit is ook ŉ faktor wat ek dink nou aangaan in die egskeiding. Sy is nou nie meer onder sy dak nie, maar hy kan haar nou nog steeds abuse deur elke moontlike voorstel wat sy op die tafel lê af te skiet … En nou is hulle nog steeds stuck. Hulle is nie meer saam nie, maar hulle kan glad nie aanbeweeg nie … nou is die verhouding verby, maar daai abuse-siklus gaan nog aan. Hy gebruik die egskeidingsproses om die abuse mee aan te hou (D7).*

Vele artikels bespreek die kwessie van gesinsgeweld tydens sake van hoëkonflikegskeidings (Amundson & Short, 2018:533; Garber, 2014:26; Haddad *et al.* 2016:248; Joyce, 2016:647; Stacer

& Stemen, 2000:243). Amundson en Lux (2016:13) voer aan dat daar by 25% tot 50% van hoëkonflikegskeidingsake ŉ bekommernis ten opsigte van interpersoonlike geweld is.

Rakende die maak van valse bewerings, rapporteer Elrod (2001:500) dat die teenwoordigheid van aantygings van gesinsgeweld of kindermishandeling en -verwaarlosing dien as ŉ oorsaaklike faktor vir hoëkonflikegskeidings:

> *Of om dinge op te maak … sommer net bloot om te probeer wen. Jy weet daai vals bewerings (D2).*

Ten spyte daarvan dat vele outeurs meld dat (waar of vals) bewerings van kindermishandeling in die konteks van hoëkonflik kinderverwante dispute algemeen is (Brown *et al.* 2000:849; Johnston *et al.* 2005:283; Saini *et al.* 2012:1374; Stacer & Stemen, 2000:243; Trocmé & Bala, 2005:133), blyk literatuur rakende hierdie onderwerp verbasend skaars te wees (Katz *et al.* 2019:6; Smit *et al.* 2015:1373). Trocmé en Bala (2005) het wel ŉ studie gedoen waar hulle 7 672 sake van kindermishandeling (fisiek, seksueel, emosioneel en verwaarlosing) ondersoek het. Hulle bevindings is dat ongeveer een derde van die beskuldigings onbeslis was, en in slegs 4% van die sake was dit moontlik om vas te stel dat die beskuldigings vals was. Die outeurs het egter gevind dat wanneer die sake ouerlike dispuut-omstandighede ingesluit het, die koers van vals bewerings toegeneem het tot 12% (Trocmé & Bala, 2005:1342). Rakende substansiemisbruik is daar melding gemaak van die presentering van onredelike optrede as gevolg van substansiemisbruik:

> *Substansiemisbruik … ek praat nie van dagga nie. Ek praat van tik. Dit lei tot geweldige irrasionele denke en gedrag (D10).*

Dit blyk dat die gebruik van substanse lei tot die presentering van gedrag by ŉ persoon wat die vlakke van konflik binne die egskeiding verder verhoog. Dit is in ooreenstemming met Johnston

(1994:169), Joyce (2016:644) en Gilmour (2004:26) wat verduidelik dat hoëkonflikegskeiding onder andere deur substansiemisbruik na vore kan kom en dat die substansiemisbruik die hoëkonflikegskeiding kan vererger.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk die kwessie van gesinsgeweld, en valse bewerings van kindermishandeling en substansiemisbruik ŉ sosiale merker binne die konteks van hoëkonflikegskeidings te wees.

**TEMA 3: Eksterne faktore**

Van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeiding kan as eksterne faktore gekarakteriseer word. Die tema verken die rol van eksterne faktore binne die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings. Eksterne faktore verwys na invloede wat nie voorkom binne die individu nie, maar afkomstig is vanaf die individu se omgewing en ander persone rondom die individu.

Ouers betrokke binne hoëkonflikegskeidings kan gebruik maak van triangulasie met die doel om die angs te verlig deur ŉ derde persoon (of anders genoem ŉ eksterne faktor) te betrek deur te kla by die persoon, te skinder of raad te vra. Om sulke tipe ondersteuningstelsels te betrek is op sigself nie skadelik nie, maar triangulasie raak egter disfunksioneel wanneer dit die primêre strategie raak vir die hantering van konflik aangesien dit nie as ŉ oplossing vir die konflik dien nie, maar slegs die konflik aanvuur (Anderson *et al.* 2011:20).

Die ouers is geneig om gesinshowe, prokureurs, die polisie, ander professionele persone en selfs hul eie kinders te trianguleer. In hierdie tema het dit volgens die deelnemers na vore gekom dat die ouers wat betrokke is by hoëkonflikegskeidings die volgende eksterne faktore trianguleer: die regstelsel, finansies, kinders en addisionele persone betrokke by die hoëkonflikegskeiding.

***Sub-tema 3.1: Regstelsel***

Al die deelnemers het aangedui dat die regstelsel, met spesifieke verwysing na prokureurs en advokate, ŉ beduidende rol speel in hoëkonflikegskeidings. Cohen en Levite (2012:391), Joyce (2016:642), Painter (2016:04) en Stacer en Stemen (2000:243) meld dat hierdie egpare gereeld betrokke is by herhalende, uitgerekte en vyandige litigasie rakende dispute verwant aan kinderversorging. Polak en Saini (2019:127) verduidelik dat prokureurs, as amptenare van hierdie regstelsel, se prosedures en praktyke die vyandige aard van die regstelsel verder aanvuur. Die deelnemers het dit duidelik gemaak dat daar wel prokureurs is wat vanuit ŉ probleem-oplossingsoogpunt funksioneer, maar dat diesulkes in die minderheid is:

> *Maar die realiteit hier is dat prokureurs baie keer ŉ show off het teenoor mekaar. En litigasie in stand hou … En dit steeds gesetel is in ŉ wen-verloor realiteit, en nie die beste belang van die kinders as die deurslaggewende faktor nie (D1).*

> *Hulle sal ŉ brief skrywe aan die ander party wat hulle weet is nie heeltemal waar nie, of sal dit in baie sterk terminologie stel sodat die ander prokureur nou weer antwoord daarop … hulle hou die konflik daarso. En hulle sal ook baie keer vir die mense sê, moenie met jou man praat nie, of moenie met jou vrou praat nie … praat net deur my. Dan weerhou hulle eintlik die partye om dan nou op hul eie dinge uit te sorteer. Ek het onlangs kliënte gehad waar die man gesê het hy is seker as hy gaan sit saam met sy vrou sal hulle dit kan uitsorteer, maar sy prokureur het gesê hy mag nie …(D2).*

> *But when you have lawyers going backwards and forwards and they are exacerbating the problems and pushing the play button all the time … then the conflict just escalates and escalates and escalates (D9).*

Die deelnemers stem saam met Neff en Cooper (2004:100) dat die vyandige aard van die Westerse hofstelsel konflik vererger. Alhoewel kliënte prokureurs nader om hul probleme te help oplos, blyk dié professie by tye geblameer te word vir die bydrae tot konflik in plaas van die oplos van dispute, deur volgens die deelnemers aan ouers foutiewe advies en aggressiewe benaderings voor te stel en die ouers van geleenthede en vermoëns om met mekaar te kommunikeer, te ontneem. Gilmour (2004:21) en Mitcham-Smith en Henry (2007:370) voeg by dat prokureurs ouers adviseer om ekstreme eise vir eie bedingingsvoordeel te maak, asook negatiewe mosies in te dien om sodoende die ander ouer in ŉ negatiewe lig te stel. Kelly en Emery (2003:351) stem saam dat die regstelsel se vyandige prosesse posisionele en tweeledige denke dikteer en samewerking tussen die ouers verminder. Die deelnemers het saamgestem dat die prokureurs se gedrag lei tot die vergroting en versterking van die skeuring tussen die ouers, en daarby die voorkoming van kommunikasie en ook die ontneming van beheer om eienaarskap te neem van hul probleme en probleemoplossingstrategieë.

Die deelnemers het meestal verwys na die prokureur as die aggressor en inisieerder van konflik en nie verwys na gevalle waar die ouers, en nie die prokureurs nie, die inisieerders van die konflik is. Ten spyte van die prokureur se advies om minder aanvallende strategieë te volg, sal die ouers die howe gebruik om hul vorige eggenoot te beheer, te straf (soos byvoorbeeld deur die uitneem van interdikte en geen-kontak hofbevele), op ŉ publieke wyse te veroordeel vir al hul verkeerde dade en om die voltooiing van die regsproses te inhibeer en vir die ander ouer verhoed om aan te beweeg vanaf die huwelik. Stacer en Stemen (2000:243) beaam dat dit dus nie ongehoord is dat een persoon deur verskeie regsverteenwoordigers verteenwoordig word gedurende die proses nie. Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk die betrokkenheid van die regstelsel in ŉ aanvallende en aggressiewe vorm as ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings gesien te word.

***Sub-tema 3.2: Finansies***

Al die deelnemers het aangedui dat finansies ŉ groot bron van konflik is, met spesifieke melding van (1) ontevredenheid in finansiële ooreenkomste tussen ouers (spesifiek verwant tot kinderversorging) en die verskil in finansiële statusse, (2) die gebruik van finansies as ŉ strategie vir eie behoeftebevrediging of om die ander persoon te beheer en/of te straf, en (3) hoë kostes ten opsigte van die egskeiding wat lei tot bedreiging in sekuriteit en emosionele toleransies:

> *Ek dink finansies verteenwoordig ŉ dieper behoefte by mense en dis hoekom dit so obvious so baie konflik veroorsaak soos altyd … finansies represent control vir mense. Dit is hoekom dit so finansieel raak. Want mense wil finansieel die oorhand hê, want dit gaan vir hulle oor ek wil die control hê, ek wil hierdie geveg wen. Dit raak ŉ middel vir oorlewing vir die situasie (D7).*

> *Die onsekerheid wat dit bring. Die verskil dan in status post-egskeiding. Al die uitgawes … die konstante baklei oor onderhoud … as daar groot onderskeid tussen die vermoë om inkomste te genereer tussen die twee is. As een vir jare afhanklik was … een se inkomste en daai sekuriteit … daai afhanklikheid. Finansies is ŉ enorme stressor en ŉ enorme faktor in gesinne se vermoë om egskeiding te oorleef (D11).*

> *Mother would say well if you gave me more money, you would see your child more … or if you don't pay up by Friday the child will not go to you this weekend. This is a simple thing, but I think finances are huge. I think the misunderstandings and the miscommunication around finances (D9).*

Fisher *et al.* (2005:03) asook Polak en Saini (2019:126) het bevind dat deurlopende kontak tussen die ouers weens ekonomiese bande 'n voorloper van potensiële hoëkonflik kan wees. Neff en Cooper (2004:100) en Treloar (2018:345) is van mening dat daar ŉ interafhanklikheid tussen finansies en kinderverwante kwessies is gedurende hoëkonflikegskeidings. Beide Bonach

(2005:79) en Hutson (2007:1142) ondersteun die voorgenoemde outeurs deurdat die bedrag vir onderhoud vir kinders, asook die satisfaksie ten opsigte van finansiële ooreenkomste tot minder konflik in mede-ouerskapverhoudings aanleiding gee.

Die deelnemers het verder gemeld dat die finansiële implikasies van die egskeiding enorm kan wees, en die gevolglike druk weens die onophoudelike uitgawes nie positiewe vordering in die egskeidingsproses waarborg nie. Literatuur (Anderson *et al.* 2011:12; Bratberg & Tjotta, 2008:457; Joyce, 2016:644; Mitcham-Smith & Henry, 2007:370; Saposnek & Rose, 2004:03) rapporteer dat gedurende die egskeidingsproses ŉ substansiële deel van die familiehulpbronne gebruik word vir regsuitgawes, kinderversorging en die herorganisering van bates, met ŉ substansiële afname in lewenstandaard as gevolg.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat finansies ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is in die sin dat finansies enersyds gebruik word as ŉ wapen in die egskeiding en/of andersyds dien as ŉ bron van konflik as gevolg van kinderverwante kwessies en/of die spanning weens vermindering van finansiële sekuriteit.

***Sub-tema 3.3: Mede-ouerskapsuitdagings: toegang tot en hantering van kinders***

Al die deelnemers het melding gemaak van die rol wat kinders speel in die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings. Anderson *et al.* (2011:12), Cashmore en Parkinson (2011:187), Levite en Cohen (2012:46) en Lebow en Rekart (2006:79) voer aan dat hoëkonflikgevalle gekenmerk word deur kwessies rakende toegang tot en kontak met kinders, kinderversorging en metodes van ouerskap.

*Maar hulle kan aktief ingetrek word in die konflik. Dit is ŉ lekker maklike manier om die ander persoon kwaad te maak … is om te sê die kinders wil nie na jou toe kom nie, hulle geniet dit nie by jou nie … hulle hou nie van jou nie … hulle hou nie van die nuwe girlfriend of boyfriend nie … hulle dink die huis is kleiner as myne … so hulle wil liewers by my wees (D2).*

*Of hulle parenting style verskil. Hulle dissiplineringstyle verskil. Byvoorbeeld, die een ma was baie bekommerd want die pa is bietjie minder streng as wat sy is. Hy kan hulle miskien rondry sonder dat hulle vasgegespe is. Wat ook verdere aanleiding tot konflik gee, is verskillende ouerskapstyle, verskillende waardes, verskillende reëls, verskille na huishoudings. En hulle stem nie altyd saam wat die ander een doen en hoe die ander een doen nie (D6).*

*Al die cliches is waar … mense gebruik die kinders as pionne om mekaar by te kom. Dit gaan oor control en nie oor die kind noodwendig nie. Toesig en beheer is massive. ŉ Kind word gebruik vir die magskonflik tussen die ouers. Dit gaan nie noodwendig oor eerlike behoefte om ŉ hoeveelheid tyd met ŉ kind te spandeer nie. Daar is altyd ŉ onderliggende agenda met toesig en beheer. Nie altyd nie, maar dikwels (D7).*

In ooreenstemming met die deelnemers se aanduiding dat een of beide van die ouers geneig is om die kinders as ŉ bedingingsinstrument te gebruik, noem Cohen en Levite (2012:391) asook Lebow en Rekart (2006:79) dat kinders as pionne gebruik word en in koalisies betrek word en gevolglik betrokke raak by hierdie komplekse dispute deur onder andere uitgevra te word oor die ander ouer, die kind as boodskapper te gebruik, en die kind bloot te stel aan negatiewe konflik tussen die ouers en ontoepaslike inligting rakende die ouerlike dispuut, óf vir die ouer se eie behoeftebevrediging óf om die ander ouer skade te berokken. Stacer en Stemen (2000:245) maak die gevolgtrekking dat hierdie ouers vele kere slegs toegang tot die kind wil hê as ŉ vorm van beheer in plaas van ŉ werklike poging om ŉ nabye verhouding met die kind te ontwikkel. Die deelnemers het ook

genoem dat verskillende sienings en wyses van ouerskap en huishoudelike reëls rakende die kinders, lei tot hoë vlakke van konflik. ŉ Studie gedoen deur Cashmore en Parkinson (2011:191) met tagtig ouers (vyf-en-veertig families), rapporteer dat beide residensiële en nie-residensiële ouers aangehaal het dat verskille in ouerskapstyle – met uitbreiding na verskille in gesondheidsorg, skool, dissiplinering en toleransie vir riskante of meer avontuurlustige gedrag – ŉ sentrale tema in hulle dispuut was. Die deelnemers het eweneens aangedui dat ŉ hoë vlak van wantroue tussen ouers bestaan rakende hul vermoë om die kinders te versorg. Verskeie outeurs (Amundson & Lux, 2016:11; Anderson *et al.* 2011:19; Gilmour, 2004:17; Johnston, 1994:168; Stacer & Stemen, 2000:234) verduidelik dat daar ook ŉ diepgaande wantroue ontstaan oor die ander ouer se vermoë om die kind op ŉ voldoende wyse te versorg. Cashmore en Parkinson (2011:191) het in hul studie met tagtig ouers bevind dat slegs ŉ paar ouers, en dan ook net tensy hulle direk gevra is, bereid was om te sê dat die ander ouer ŉ goeie ouer is wat vir die kinders lief is. Die deelnemers het uitgebrei dat hierdie wantroue lei tot aanvallende en/of verdedigende gedrag wat gevolglik, soos verduidelik deur Saposnek en Rose (2004:09), groter en groter word tot dit ŉ skeiding tussen die twee partye raak wat hulle nie kan oorbrug nie.

Deelnemers 4 en 6 het melding gemaak van ouers wat probeer om die kinders van die ander ouer te vervreem. Ouerlike vervreemdingsindroom kan gedefinieer word as die situasie waar die een ouer die ander ouer beswadder deur waar of vals klagtes van mishandeling, verwaarlosing of oortreding te maak (Anderson *et al.* 2011:20; Stacer & Stemen, 2000:243; Strasheim, 2008:243) in ŉ poging om die kind teen die ander ouer te draai of te vermy om die kind met die ander ouer te deel. Die deelnemers het aangedui dat pogings om die kinders se verhouding met die ander ouer negatief te affekteer, lei tot hoë vlakke van konflik:

> *… vervreem teen die ander persoon … aktief te probeer vervreem sodat die persoon nie na die ander persoon wil gaan nie … en op daai manier die ander persoon te straf (D2).*

Die deelnemers se vermelding hiervan is in ooreenstemming met Garber (2014:25) wat noem dat kinders getrianguleer word in hul ouers se konflik deur meganismes soos ouerlike vervreemding, ouerlike verwydering en/of ouerlike verstrikking. Anderson *et al.* (2011:20), Mitcham-Smith en Henry (2007:369) sowel as Strasheim (2008:244) verduidelik dat hierdie aktiewe pogings van vervreemding deur die ouers onder andere kan insluit om die geteikende ouer uit te beeld as gevaarlik, om die kind toe te laat om keuses te maak oor kuiertye, om die geteikende ouer te kritiseer voor die kind, die kuiertye tussen die kind en die ander ouer te onderbreek of selfs te termineer, die kind aan te moedig om ná kuiertye negatiewe gedrag of gebeurtenisse te noem, hindernisse te ontwikkel vir telefoonkontak of geskeduleerde kuiertye en/of om aantygings te maak.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat mede-ouerskapsverhoudings en toegang tot en beheer oor kinders ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is, deurdat kinders as pionne gebruik word, ouerskapstyle en huishoudings verskillend is, en daar ŉ gebrek aan vertroue en kommunikasie tussen die ouers is.

***Sub-tema 3.4: Addisionele persone***

Deelnemers 1, 2, 4, 5, 6, 7, 8, 10 en 11 het aangedui dat ondanks die ondersteunende rol wat addisionele persone kan vertolk, hulle egter ook bydraende faktore tot die hoë vlakke van konflik kan wees. Dit is in ooreenstemming met Ehrlich (2001:309) en Saposnek en Rose (2004:05) wat verduidelik dat persone wat dien as ŉ ondersteuningsisteem (soos vriende, familielede en professionele persone) egter dadelik die ouers se kant kies en probeer help nadat hulle slegs daardie

persoon se kant van die storie op ʼn vinnige en verwronge wyse aangehoor het. Die deelnemers het die addisionele persone geïdentifiseer as eksterne familielede, professionele persone en nuwe romantiese verhoudings:

> *O genugtig! Oupas en oumas kan ʼn verskriklike ondersteunende faktor wees. Óf hulle kan ʼn egskeiding se verloop en proses in totaliteit kelder … óf tot kompleksiteite [lei] wat dit selfs nog moeiliker maak vir kinders (D1).*

> *Maar daar is ander rolspelers wat betrokke raak … wat dan slegte raad gee vir mense. Ek het dikwels al gekom dat die persoon kom en sê dat die sielkundige sê kinders van 5 is nog nie reg om oor te slaap nie, so sy sal eenvoudig dan nie … dis nonsens. Dan sit hulle met daai tipe van agtergrond en iemand wat vir hulle raad gee buite die konteks (D2).*

> *… as daar 3de partye kom … dan raak die proses ingewikkeld. So as mamma weer iemand ontmoet … en time and again … as die kind durf vir daai ou sê pappa, dan is daardie kant nag. So die egskeiding loop goed tot daar nog partye kom baie keer. Dan sien ons (D4).*

Stacer en Stemen (2000:243) konstateer dat uitgebreide familielede, soos ouers, grootouers, sibbe en ander naasbestaandes, ook ʼn groot rol speel in die ouers se konflik. ʼn Studie gedoen deur Green *et al.* (2008:407) stel voor dat derde partye soos vriende en familie oor die algemeen minder bereid is om te vergewe as eerste partye, in hierdie geval die biologiese ouers wat betrokke is by die egskeiding. Die deelnemers se sienings dat professionele persone soos onder andere terapeute, deskundiges en sielkundiges ʼn destruktiewe bydrae tot die hoë vlakke van konflik kan maak deur oneffektiewe en insiglose raad, leiding en ondersteuning te bied, word ondersteun deur Gilmour (2004:21) en Stacer en Stemen (2002:244) wat meld dat, behalwe vir gemeenskapslede soos onderwysers, kerklidmate en ander vriende, prokureurs en geestesgesondheidspersone ook ywerig

betrokke kan raak in die gevegte. Smyth en Moloney (2017:408) maak die gevolgtrekking dat hierdie betrokkenheid van addisionele persone as ŉ meganisme kan dien om die swartsmeer van en vervreemding tussen ouers en kinders verder aan te wakker. Daar word deur die deelnemers aangedui dat die romantiese betrokkenheid van ŉ derde persoon by die biologiese ouer lei tot verdere komplisering en konflik. Stacer en Stemen (2000:43) rapporteer ook dat die byvoeging van ŉ "betekenisvolle ander" wat in ŉ ondersteuningsrol optree, reeds sensitiewe sake vererger of soms ook ŉ primêre rol in die deurlopende konflik vertolk.

Wanneer daar na die deelnemers se terugvoer gekyk word, blyk dit duidelik dat ander partye, oftewel addisionele persone by een of beide van die ouers, ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is deurdat hierdie persone eensydig (sonder ŉ volledige verstaan van die ouer se behoeftes, die ander persoon se posisie of die egpaar se gesinsdinamika) betrokke raak by die egskeidingskonflik en dienooreenkomstig rigiede en kompromielose posisies aanmoedig, verwronge sienings van die ander ouer versterk, aanbevelings skryf, en selfs getuig namens hul volwasse kliënt.

## 4. GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie hoofstuk was om die data, soos verkry deur die deelnemers, te analiseer en te ondersteun deur reeds bestaande literatuur. Vanuit die navorsingsbevindinge rakende die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar veelvuldige sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, teenwoordig is. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die sosiale merkers op meer as een vlak van die ouers se funksionering teenwoordig is en dat die onderbou van hierdie ouers se gedrag nie oorvereenvoudig kan word nie.

## 5. BRONNELYS


Amundson, J.K. & Short, J. 2018. Risk Regulation in High-Conflict Parenting. *Journal of Divorce & Remarriage,* 59(6):528-537.

Amundson, J.K. & Lux, G.M., 2016. Risk management in high-conflict divorce/parenting referrals: it's how you walk through the fire. *Canadian Journal of Counselling and Psychotherapy*, 50(3):20-22.

Anderson, S. R., Anderson, S.A., Palmer, K.L., Mutchler, M.S. & Baker, L.K. 2011. Defining high conflict. *The American Journal of Family Therapy,* 39(1):11-27.

Ayoub, C.C., Deutsch, R.M. & Maraganore, A. 1999. Emotional distress in children of high-conflict divorce: the impact of marital conflict and violence. *Family Court Review,* 37(3):297-315.

Bacon, B.L. & McKenzie, B. 2004. Parent education after separation/divorce: impact of the level of parental conflict on outcomes. *Family Court Review,* 42(1):85-98.

Barker, R.L. & Branson, D.M. 2000. *Forensic social work: legal aspects of professional practise.* New York: Haworth Press.

Barnwell, B.J. & Stone, M.H. 2016. Treating high conflict divorce. *Universal Journal of Psychology*, 4(2):109-115.

Baum, N. & Shnit, D. 2003. Divorced parents' conflict management styles: self-differentiation and narcissism. *Journal of Divorce & Remarriage*, 39(3-4):37-58.

Baum, N. 2004. Typology of post-divorce parental relationships and behaviours. *Journal of Divorce & Remarriage*, 41(3-4):53-79.

Bernet, W. 2015. Children of high-conflict divorce face many challenges. *Psychiatric Times*, 32(10):9.

Bless, C. Higson-Smith, C. & Sithole, S.L. 2013. *Fundamentals of social research methods: an African perspective*. 5th ed. Cape Town: Juta.

Bonach, K. 2005. Factors contributing to quality co-parenting: implications for family policy. *Journal of Divorce & Remarriage*, 43(3-4):79-103.

Bosch-Brits, E., Wessels, C. & Roux, A. 2018. Fathers' experience and perceptions of parent alienation in high-conflict divorce. *Social Work,* 54(1):91-110.

Bratberg, E. & Tjotta, S. 2008. Income effects of divorce in families with dependent children. *Journal of Population Economics*, 21(2):439-461.

Bricker, D. 2005. *The link between marital satisfaction and emotional intelligence*. University of Johannesburg. (Dissertation – MA Psych.).

Brown, T., Frederico, M., Hewitt, L. & Sheehan, R. 2000. Revealing the existence of child abuse in the context of marital breakdown and custody and access disputes. *Child Abuse & Neglect,* 24(6):849-859.

Cambridge Dictionary. *Cambridge Dictionary*. https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/indicator. Datum van toegang: Junie 2019.

Cashmore, J. & Parkinson, P. 2011. Reasons for disputes in high-conflict families. *Journal of Family Studies*, 17(3):186-203.

Christopher, C., Wolchik, S., Tein, J.Y., Carr, C., Mahrer, N.E. & Sandler, I. 2017. Long-term effects of a parenting preventive intervention on young adults' painful feelings about divorce. *Journal of Family Psychology*, 31(7):799-809.

Ciarrochi, J., Chan, A.Y. & Bajgar, J. 2001. Measuring emotional intelligence in adolescents. *Personality and Individual Differences,* 31(7):1105-1119.

Cohen, O. & Levite, Z. 2012. High-conflict divorced couples: combining systemic and psychodynamic perspectives. *Journal of Family Therapy*, 34(4):387-402.

Combrinck, C. 2014. *Experiences of professionals in drafting and implementing parenting plans in high-conflict separation and divorce matters in South Africa.* UNISA (Dissertation – PhD).

Cordova, D., Parra-Cardona, R., Blow, A., Johnson, D.J., Prado, G. & Fitzgerald, H.E. 2013. The role of intrapersonal factors on alcohol and drug use among Latinos with physical disabilities. *Journal of social work practice in the addictions*, 13(3):244-268.

Davidson, R.D., O'Hara, K.L. & Beck, C.J. 2014. Psychological and biological processes in children associated with high conflict parental divorce. *Juvenile and Family Court Journal*, 65(1):29-44.

Demby, S. L. 2016. Parenting coordination: applying clinical thinking to the management and resolution of post-divorce conflict. *Journal of Clinical Psychology*, 72(5):458-468.

Donner, M.B. 2006. Tearing the child apart: the contribution of narcissism, envy, and perverse modes of thought to child custody wars. *Psychoanalytic Psychology*, 23(3):542-553.

Eddy, B. (2016). *High conflict people in legal disputes*. Scotsdale, Arizone, USA: Unhooked Books.

Ehrlich, J. 2001. Losing perspective: a danger in working with high-conflict divorces. *American Journal of Family Law*, 15(4):307-310.

Elrod, L.D. 2001. Reforming the system to protect children in high-conflict custody cases. *William Mitchell Law Review*, 28(2):496-551.

Eslami, A.A., Hasanzadeh, A., & Jamshidi, F. 2014. The relationship between emotional intelligence, health and marital satisfaction: a comparative study. *Journal of Education and Health Promotion*, 3(24):36-41.

Faye, A., Kalra, G., Subramanyam, A., Shah, H., Kamath, R. & Pakhare, A. 2013. Study of marital adjustment, mechanisms of coping and psychopathology in couples seeking divorce in India. *Sexual and Relationship Therapy*, 28(3):257-269.

Fisher, P. 2012. Identifying and Managing Difficult, High-Conflict Personality Clients. *Probate & Property,* 26(1):56-62.

Fisher, T.F., De Graaf, P.M. & Kalmijn, M. 2005. Friendly and antagonistic contact between former spouses after divorce: patterns and determinants. *Journal of Family Issues*, 26(8):1131-1163.

Foltýn, P. 2018. *Emotional Intelligence in divorced couples and unmarried couples in disagreement about child custody.* University of New York in Prague. (Dissertation – PhD).

Friedman, M. 2004. The so-called high-conflict couple: a closer look. *The American Journal of Family Therapy*, 32(2):101-117.

Furnham, A. 2012. Emotional intelligence. In: Di Fabio, A. ed. *Emotional intelligence: new perspectives and applications.* Croatia: InTech. pp. 3-28.

Garber, B. D. 2014. The chameleon child: children as actors in the high-conflict divorce drama. *Journal of Child Custody,* 11(1):25-40.

Ghoreishi, F., Shirmohammadi, D. & Barjvand, A. 2014. Understanding causes of divorce from the viewpoints of the divorced and divorcing couples (the case of Saghez City). *Security & Social Order Strategic Studies*, 7(1):4-7.

Gilmour, G.A. 2004. High-conflict separation and divorce: options for consideration. (2004-FCY-1E). Government of Canada: Department of Justice.

Gottman, J.M. & Driver, J.L. 2005. Dysfunctional marital conflict and everyday marital interaction. *Journal of Divorce & Remarriage,* 43(3-4):63-77.

Green, J.D., Burnette, J.L. & Davis, J.L. 2008. Third-party forgiveness: (not) forgiving your close other's betrayer. *Personality and Social Psychology Bulletin*, 34(3):407-418.

Haddad, L., Phillips, K.D. & Bone, M.J. 2016. High-conflict divorce: a review of the literature. *American Journal of Family Law*, 29(4):243-258.

Henry, W.J., Fieldstone, L., Thompson, M. & Treharne, K. 2011. Parenting co-ordination as an antidote for high-conflict divorce and court relitigation. *Journal of Divorce and Remarriage*, 52(7):455-471.

Hutson, R.A. 2007. Child support and parental conflict in low-income families. *Children and Youth Services Review*, 29(9):1142-1157.

Jacobs, N. & Jaffe, R. 2010. Investigating the efficacy of CoMeT, a new mediation model for high-conflict separating parents. *American Journal of Family Therapy*, 38(1):16-31.

Johnston, J. R. 1994. High-conflict divorce. *The Future of Children*, 4(1):165-182.

Johnston, J. R. 2006. A Child-Centred Approach to High-Conflict and Domestic-Violence Families: differential assessment and interventions. *Journal of Family Studies*, 12(1):15-35.

Johnston, J.R., Lee, S., Olesen, N.W. & Walters, M.G. 2005. Allegations and substantiations of abuse in custody-disputing families. *Family Court Review,* 43(2):283-294.

Joyce, A.N. 2016. High-conflict divorce: a form of child neglect. *Family Court Review*, 54(4):642-656.

Katz, C., Glucklich, T., Piller, S. & Matty, D.E. 2019. Between chaos and danger: spotlighting social workers' views in cases of child maltreatment accusations in the context of high-intensity parental disputes. *Children and Youth Services Review,* 107(2019):1-7.

Kelly, J.B. & Emery, R.E. 2003. Children's adjustment following divorce: risk and resilience perspectives. *Family Relations,* 52(4):352-362.

Kirst-Ashman, K.K. 2017. *Introduction to Social Work and Social Welfare: critical thinking perspectives.* 5th ed. Whitewater: Cengage Learning.

Kübler-Ross, E. 1969. *On death and dying.* New York, NY: Touchstone.

Kulik, L. & Heine-Cohen, E. 2011. Coping resources, perceived stress, and adjustment to divorce among Israeli women: assessing effects. *Journal of Social Psychology*, 151(1):5-30.

Lauroba, E. 2014. The Effects of Divorce on Children. *International Journal of Legal Information*, 42(1):55-66.

Lavalekar, A., Kulkarni, P. & Jagtap, P. 2010. Emotional intelligence and marital satisfaction. *Journal of Psychological Research*, 5(2):185-194.

Lebow, J. & Rekart, K.N. 2007. Integrative family therapy for high-conflict divorce with disputes over child custody and visitation. *Family Process*, 46(1):79-91.

Levite, Z. & Cohen, O. 2012. The tango of loving hate: couple dynamics in high-conflict divorce. *Clinical Social Work Journal,* 40(1):46-55.

Lowenstein, L. F. 2005. Causes and associated features of divorce as seen by recent research. *Journal of Divorce & Remarriage*, 42(3-4):153-171.

Mahrer, N.E., O'Hara, K.L., Sandler, I.N. & Wolchik, S.A. 2018. Does shared parenting help or hurt children in high-conflict divorced families? *Journal of Divorce & Remarriage*, 59(4):324-347.

Malcore, S.A., Windell, J., Seyuin, M. & Hill, E. 2010. Predictors of continued conflict after divorce or separation: evidence from a high-conflict group treatment program predictor of continued conflict after divorce or separation: evidence from a high-conflict group treatment program. *Journal of Divorce & Remarriage*, 51(1):50-64.

Mayer, J.D. 2017. *Personality: a systems approach.* Lanham, Maryland: Rowman & Littlefield.

Michelle, V.A. 2005. *The relationship of emotional intelligence and marital satisfaction.* Unpublished graduation's thesis. San Diego: Alliant International University.

Miller, S. 2013. Clinical reasoning and decision-making in cases of child alignment: diagnostic and therapeutic issues. In: Baker, A.J.L. & Sauber, S.R., eds. *Working with alienated children and families: a clinical guidebook*. New York, NY: Rutledge Press. pp. 8-46.

Mitcham-Smith, M. & Henry, W.J. 2007. High-conflict divorce solutions: parenting coordination as an innovative co-parenting intervention. *The Family Journal*, 15(4):368-373.

Mojtabai, R., Stuart, E.A., Hwang, I., Eaton, W.W., Sampson, N. & Kessler, R.C. 2017. Long-term effects of mental disorders on marital outcomes in the National Comorbidity Survey ten-year follow-up. *Social Psychiatry and Psychiatric Epidemiology*, 52(10):1217-1226.

Munson, C. 2011. Forensic social work practice standards: definition and specification. *Journal of Forensic Social Work*, 1(1):37-60.

National Organization of Forensic Social Work. 2019. Gevind: http://nofsw.org/?page_id=10. Datum van toegang: 05 Junie 2020.

Neff, R. & Cooper, K. 2004. Parental conflict resolution: six-, twelve-, and fifteen-month follow-ups of a high-conflict program. *Family Court Review*, 42(1):99-114.

Painter, K.D. 2016. *Impact of parental interference on children in high conflict divorce*. Nova Southeastern University. (Dissertation – PhD).

Pedro-Carroll, J. 2001. The promotion of wellness in children and families: challenges and opportunities. *American Psychologist*, 56(11):993-1004.

Pedro-Carroll, J., Nakhnikian, E. & Montes, G. 2001. Assisting children through transition: helping parents protect their children from the toxic effects of on-going conflict in the aftermath of divorce. *Family Court Review*, 39(4):377-392.

Polak, S. & Saini, M. 2019. The complexity of families involved in high-conflict disputes: a post-separation ecological transactional framework. *Journal of Divorce & Remarriage*, 60(2):117-140.

Renner, W. & Leibetseder, M. 2000. The relationship of personal conflict and clinical symptoms in a high-conflict and a low-conflict subgroup: a correlational study. *Psychotherapy Research*, 10(3):321-336.

Rubin, A. & Babbie, E. 2015. 4th ed. *Essential Research Methods for Social Work.* Belmont, CA: Brooks/Cole, Cengage Learning.

Rutter, M. 2005. Environmentally mediated risks for psychopathology: research strategies and findings. *Journal of the American Academy of Child & Adolescent Psychiatry*, 44(1):3-18.

Saini, M. 2012. Reconceptualizing high-conflict divorce as maladaptive adult attachment response. *Families in Society: The Journal of Contemporary Social Services,* 93(3):173-180.

Saini, M., Black, T., Lwin, K., Marshall, A., Fallon, B. & Goodman, D. 2012. Child protection workers' experiences of working with high-conflict separating families. *Children and Youth Services Review*, 34(7):1309-1316.

Saposnek, D.T. & Rose, C. 2004. *The psychology of divorce*. *Handbook of Financial Planning for Divorce and Separation*. New York: John Wiley.

Sarrazin, J. & Cyr, F. 2007. Parental conflicts and their damaging effects on children. *Journal of Divorce & Remarriage*, 47(1-2):77-93.

Scharff, K.E. 2004. Therapeutic supervision with families of high-conflict divorce. *International Journal of Applied Psychoanalytic Studies*, 1(3):269-281.

Sellars, M., Detering, K.M., Sinclair, C., White, B., Buck, K., Ruseckaite, R., … & Nolte, L. 2019. Personal and interpersonal factors and their associations with advance care planning

documentation: a cross-sectional survey of older adults in Australia. *Journal of Pain and Symptom Management*, 59(6):1212-1222.

Shujja, S., Akram, A., Holzapfel, J. & Randall, A.K. 2020. Perceived ex-husband rejection and psychological distress among Pakistani remarried women following divorce: does emotional intelligence moderate? *Current Psychology: a Journal for Diverse Perspectives on Psychological Issues*, 2020, 1-12.

Smit, A.E., Antokolskaia, M.V. & Bijleveld, C.C. 2015. Between Scylla and Charybdis: a literature review of sexual abuse allegations in divorce proceedings. *Psychology*, 6(11):1373-1384.

Smit, M. 2009. *Gesinsbemiddelingsproses met inagneming van die "Children's Act, Act 38 of 2005".* Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling – PhD).

Smyth, B.M. & Moloney, L.J. 2017. Entrenched post-separation parenting disputes: the role of interparental hatred? *Family Court Review*, 55(3):404-416.

*Social Service Professions Act* 110 of 1978.

Stacer, D.L. & Stemen, F.A. 2000. Intervention for high conflict custody cases. *American Journal of Family Law*, 14(4):242-251.

STATS SA (Statistics South Africa). 2020. *Marriages and divorces* 2018. (Statistical release PO307). http://www.statssa.gov.za/publications/P0307/P03072017.pdf Datum van toegang: 29 Februarie 2020.

Strasheim, C.R. 2008. G08-1817 Successful transitions for high conflict families. *Historical Materials from University of Nebraska – Lincoln Extension*, 2900.

Taylor, R.J. 2005. Therapeutic implications of behaviour change theory in post-divorce counselling and education programs. *Journal of Divorce & Remarriage*, 42(3-4):75-82.

Thomas, E.A., Hamrick, L.A., Owens, G.P. & Tekie, Y.T. 2019. Posttraumatic growth among undergraduates: contributions from adaptive cognitive emotion, regulation and emotional intelligence. *Traumatology,* 26(1):68-73.

Treloar, R. 2018. High-conflict divorce involving children: parents' meaning-making and agency. *Journal of Social Welfare and Family Law*, 40(3):340-361.

Treloar, R. 2019. Parents making meaning of high-conflict divorce. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy*, 40(1):85-97.

Trocmé, N. & Bala, N. 2005. False allegations of abuse and neglect when parents separate. *Child Abuse & Neglect*, 29(12):1333-1345.

Visser, M., Finkenauer, C., Schoemaker, K., Kluwer, E., Van der Rijken, R., Van Lawick, J., … & Lamers-Winkelman, F. 2017. I'll never forgive you: high-conflict divorce, social network and co-parenting conflicts. *Journal of Child and Family Studies,* 26(11):3055-3066.

Weeks, G. & Treat, S. 2001. *Couples in treatment: techniques and approaches for effective practice.* (2nd ed.). New York: Brunner-Routledge.

# HOOFSTUK 3: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 1. INLEIDING

Die belangrikste bevindinge en aanbevelings van hierdie navorsingstudie word in hierdie hoofstuk saamgevat. Die ondersoekmetode was tweeledig. Dit het bestaan uit ŉ literatuurstudie, asook ŉ empiriese studie. Die literatuurstudie het die navorser in staat gestel om ŉ begrip van bestaande literatuur rakende die navorsingsonderwerp te vorm. Na die literatuurstudie het die navorser ŉ empiriese studie geloods, waardeur data op ŉ kwalitatiewe navorsingsmetode ingevorder en ontleed is.

Vir die doeleinde van die studie het die navorser probeer om ŉ diepgaande begrip van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is te ontwikkel. Die navorser het onderhoude gevoer met maatskaplike werkers in privaat praktyk wat betrokke is by kliënte in hoëkonflikegskeidings. Daar is gebruik gemaak van ŉ self-opgestelde semi-gestruktureerde onderhoudskedule wat in ŉ persoonlike onderhoud met elke deelnemer gebruik is om data in te samel tot en met dataversadiging bereik is. Die doel van die navorsing was om die deelnemers se ervarings, kennis en begrip van die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te verkry.

### 1.1 Literatuurstudie

Die motivering vir die literatuurstudie was om ŉ beter begrip van die navorsingsonderwerp te bekom sowel as om ŉ verwysingsraamwerk vir die navorsingstudie te vorm. Die literatuurstudie het die navorser gehelp om ŉ kritiese evaluering van die bestaande literatuur en die dissiplinêre inhoud rakende die navorsingstema, naamlik sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te doen (Rubin & Babbie, 2013:68-69). Die volgende aspekte is by die

literatuurstudie ingesluit: egskeiding, hoëkonflikegskeiding, konflikhantering, emosionele intelligensie binne die huwelik, rouproses, effek van hoëkonflikegskeiding op kinders.

Literatuur oor die potensiële verklarings, oftewel sosiale merkers, en die begrip van die sosiale merkers van volgehoue konflik tussen ouers is relatief skaars. Die bestaan van sosiale merkers vir egpare betrokke by hoëkonflik word nie ontken nie, maar die navorsing blyk egter nog in die eksplorerende fase te wees, met die gevolg dat daar ŉ behoefte bestaan om verdere navorsing oor die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings op ŉ empiriese wyse te doen. ŉ Beter en duideliker empiriese verstaan van die sosiale merkers kan lei tot die onderskeiding tussen "geraas" (noise) en die sosiale merkers wat werklik ŉ bydrae lewer tot die ontwikkeling van hoë vlakke van konflik binne ŉ egskeidingskonteks. Verder blyk daar nie literatuur rakende die merkers van hoëkonflikegskeidings binne die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar te wees nie. Die moontlikheid bestaan dat reeds geïdentifiseerde sosiale merkers wat lei tot kroniese konflik soos aangedui in internasionale literatuur kan verskil binne die Suid-Afrikaanse konteks.

## 1.2 Empiriese studie

Die belangrikste gevolgtrekkings rakende die empiriese studie word vervolgens bespreek.

### *1.2.1 Metode*

Daar is gedurende die navorsingstudie gebruik gemaak van ŉ kwalitatiewe-beskrywende navorsingsmetode. Hierdie navorsingsmetode was vir hierdie navorsingstudie geskik en het die navorser in staat gestel om die deelnemers wat maatskaplike werkers in privaat praktyk is se ervarings en waarnemings rakende sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, te identifiseer.

*1.2.2 Die navorsingsomgewing*

Die navorsingstudie het bestaan uit maatskaplike werkers werksaam in die Stad Kaapstad se Metropool en die Kaapse Wynland Distrik wat dienste lewer aan individue betrokke by hoëkonflikegskeidings. Die bevindinge van hierdie studie moet teen hierdie agtergrond beskou word en dit is onseker of dieselfde bevindings in ander omgewings gemaak sal word.

*1.2.3 Deelnemers*

Die navorsingsdeelnemers was maatskaplike werkers in privaat praktyk wat werk met ouers wat skei waarby daar hoë konflik betrokke is. Die werwing van deelnemers was gemik op maatskaplike werkers geregistreer by SACSSP (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Professie). Deelnemers moes ŉ minimum van vyf jaar ondervinding as maatskaplike werker hê met spesifieke ondervinding in dienslewering aan individue betrokke in langstaandekonflikegskeidings waarby kinders betrokke is. Deelnemers moes Afrikaans en/of Engels magtig wees, aangesien die navorser hierdie tale magtig is. Deelnemers moes in die Kaapstad Metropool en die Kaapse Wynland Distrik werksaam wees.

*1.2.4 Meetinstrument*

Die formulering en konstruksie van die vrae wat gedurende die navorsingonderhoude gevra is, was gebaseer op die doel van die studie en oor wat die navorser uit die onderhoude met die navorsingsdeelnemers wou bereik. Soos reeds genoem, was die doel van die studie om die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is te eksploreer. Vir hierdie studie het die navorser ’n self-ontwerpte onderhoudskedule saamgestel, sodat die navorser meer inligting rakende die navorsingsonderwerp kon insamel. Die navorsingsonderhoude is deur die navorser self gedoen. Dit het die navorser in staat gestel om ŉ beter begrip van die navorsingsdeelnemers se ervaring te vorm en dit later te omskryf.

## 1.3 Etiese aspekte

Die navorser het toestemming vir die uitvoering van hierdie studie by HREC ontvang. Die deelnemers van die studie behoort nie aan ŉ liggaam by wie die navorser verdere toestemming moes verkry nie. Die deelnemers het elkeen ingeligte skriftelike toestemming vir hul deelname aan die studie verleen.

## 1.4 Data-ontleding

Die data-ontledingsproses het aan die navorser die geleentheid gebied om betekenis aan die data te gee. Die navorser het eers self die navorsingsdata geanaliseer, georden, gestruktureer en betekenis daaraan gegee.

# 2. BEVINDINGE

Daar is bevind dat die volgende aspekte sosiale merkers is van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is:

## 2.1 Intrapersoonlike faktore

*2.1.1 Persoonlikheidsversteurings*

Die deelnemers het die opinie gehuldig dat patologie, met spesifieke verwysing na persoonlikheidversteurings, die rede vir individue se destruktiewe, onredelike, rigiede en self-gesentreerde gedrag is. Dit kom voor of die individue hierdie gedrag sonder insig daarin uitleef. Eddy (2016:12) en Fisher (2012:01) se sienings is dus akkuraat dat hierdie (patologiese) persoonlikhede se oordrewe en verwronge sienings van ŉ situasie en die rigiditeit in hul oortuigings, sienings en aandrang op eie behoeftebevrediging en selfregverdiging konflik aanvuur en dus ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is waarby kinders betrokke is.

### *2.1.2 Emosionele intelligensie*

Daar is gemeld dat die afwesigheid van emosionele intelligensie ŉ sosiale merker is van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is. Hierdie gebrek aan die erkenning, identifisering en verstaan van hul eie asook hul vorige huweliksmaat se emosies en ook die beheer van hierdie emosies, kan aanleiding gee tot konflik by die individu. Daar is geoordeel dat, sou individue hul eie emosionele prosesse beter verstaan, tipiese hoëkonflikegskeidingsgedrag soos onder andere die stel van strikke om die ander ouer sleg te laat lyk, die oog vir ŉ oog-oorlogsbenadering, die behoefte om die ander ouer seer te maak of te laat betaal, vervang behoort te word met ŉ meer konstruktiewe verstaan van die egskeiding en betrokke emosionele prosesse.

### *2.1.3 Ervaring van verlies*

Die deelnemers het beklemtoon dat egskeidings gepaard gaan met enorme verliese en dat die reaksie op hierdie verliese, ongeag die normaliteit daarvan om oor verliese te treur, kan lei tot konflik sou die ouer(s) nie die vermoë hê om op ŉ gesonde wyse deur die fases van rou te beweeg nie. Daar is dus geoordeel dat verliese weens die egskeiding en die reaksie daarop (met spesifieke verwysing na die vassteek by die ontkenningsfase, woedefase of die mislukking tot aanvaarding tydens die rouproses) ŉ sosiale merker vir hoëkonflikegskeidings is.

## 2.2 Interpersoonlike faktore

### *2.2.1 Individuele geskiedenis en familie-ervarings*

Dit blyk dat individue met ervarings van vroeë traumatiese interpersoonlike gebeurtenisse en moontlik ongeborge gehegtheidstyle, ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings kan wees. Daar is gerapporteer dat hierdie ongeborgenheid gedrag kan motiveer wat ambivalent, vermydend of gedisorganiseerd van aard is en derhalwe kan lei tot ’n gebrek aan sinvolle, voorspelbare en omgee-denke, interpretasies, aksies en reaksies.

*2.2.2 Gebrekkige interpersoonlike vaardighede*

Gebrekkige interpersoonlike vaardighede by een of beide ouers kan gesien word as ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings deurdat onvoldoende kommunikasie-, luister-, konflik- en/of probleemoplossingsvaardighede aanleiding gee tot die ontwikkeling, motivering en/of die onderhouding van hoë vlakke van konflik.

*2.2.3 Onvoldoende kennis oor egskeiding*

Ouers se onvoldoende kennis en begrip van die egskeidingsproses blyk ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings te wees. Daar word aangevoer dat ouers se onkunde rakende onder andere mede-ouerskap, die emosionele impak van die egskeiding en verwante verliese en finansiële implikasies tot gedrag aanleiding gee wat antagonisties van aard kan wees en tot verdere verhoogde vlakke van konflik lei.

*2.2.4 Gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en substansiemisbruik*

Daar is gemeld dat gesinsgeweld, valse bewerings van kindermishandeling en substansiemisbruik deur ouers sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings is. Daar is bevind dat gesinsgeweld en substansiemisbruik kan lei tot destruktiewe ouerlike gedrag en verdere kompleksiteite en verhoogde vlakke van konflik. Verder lei valse bewerings van kindermishandeling tot die toename in wantroue tussen ouers wat die breuk en konflik tussen die ouers verder verhoog.

## 2.3 Eksterne faktore

*2.3.1 Regstelsel*

Dit is bevind dat die wyse waarop regspraktisyns die Westerse regstelsel gebruik ŉ sosiale merker binne hoëkonflikegskeidings is. Prokureurs word naamlik daarvan beskuldig dat hulle probleemskeppers in plaas van probleemoplossers is deurdat hulle vanuit ŉ aanvallende en wen-

verloorbenadering funksioneer. Hierdie modus operandi lei daartoe dat die emosionele afstand en konflik tussen die ouers vererger en vergroot. Die betrokkenheid van die regstelsel op so ŉ opponerende wyse, ongeag of dit aangespoor word deur die prokureur of die ouers, lei tot verhoogde rigiditeit, aggressie en vyandigheid tussen die ouers.

*2.3.2 Finansies*

Die deelnemers het aangedui dat finansies ŉ sosiale merker binne hoëkonflikegskeidings is. Eerstens is finansies ŉ bron van konflik weens die verlaging van sosio-ekonomiese status en dus ŉ opregte poging om finansieel te oorleef. Tweedens kom dit voor of finansies gebruik word om die ander ouer te straf of beheer oor die ander ouer en/of die toegang tot en versorging van kinders uit te oefen. Die spanning verbonde aan die dinamika rondom finansies dra by tot verlaagde toleransie by ouers. ’n Spiraal van konflik, onsekerheid en verwyte ontwikkel.

*2.3.3 Mede-ouerskapsuitdagings: toegang tot en hantering van kinders*

Die deelnemers was van mening dat toegang tot en hantering van kinders ŉ sosiale merker binne hoëkonflikegskeidings is. Dit blyk dat binne die konteks van hoëkonflikegskeidings, kinders (bewustelik of onbewustelik) verskeie funksies kan vertolk. Hulle kan naamlik deur ouers gebruik word as ŉ bedingingsinstrument en pionne vir die ouer se eie behoeftebevrediging óf om die ander ouer te laat ly of te straf. Ouers kan ook mekaar se ouerskapspraktyke wantrou wat daartoe lei dat die kinders as ŉ sneller vir konflik tussen die ouers dien, en wat in ekstreme gevalle selfs kan lei tot ouerlike vervreemding.

*2.3.4 Addisionele persone*

Die deelnemers het gemeld dat koalisievorming tussen ouers en ander persone betrokke by die egskeiding ŉ sosiale merker binne hoëkonflikegskeidings is. Alhoewel derde partye soos maats,

gesinslede, familielede, geestesgesondheidswerkers en prokureurs post-egskeidingsaanpassing kan bevorder (Visser *et al.* 2017:3056), kan die verhoudings tussen diesulkes en die ouers destruktief van aard raak. Indien hulle op grond van beperkte inligting oor die gesinsdinamika waarbinne die ouer hom-/haarself bevind, die ouers emosioneel ondersteun en/of die ouer se sienings en opinies beaam, word sodoende bygedra tot die kompleksiteit van die egskeiding.

## 3. AANBEVELINGS

Gebaseer op die genoemde navorsingbevindings word die volgende aanbevelings gemaak:

- Alhoewel die deelnemers aangedui het dat persoonlikheidversteurings ʼn sosiale merker is vir hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, kom dit egter voor of die oënskynlike teenwoordigheid van psigopatologie onvoldoende nagevors is en behoort verdere navorsing egter onderneem te word om die deelnemers se sienings van die teenwoordigheid van genoemde persoonlikheidversteurings in hoëkonflikegskeidings te verifieer sodat bewese feite maatskaplike werkers in die praktyk kan begelei.
- Daar is met oortuiging aangedui dat persoonlikheidversteurings ʼn sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is waarby kinders betrokke is. ʼn Onbeantwoorde vraag is egter of die persoonlikheid en temperament van die ouers (veral sonder ʼn formele diagnose van sodanige patologie) ook ʼn oorsaaklike faktor is in die ontwikkeling van hoë vlakke van konflik. Daar blyk beperkte navorsing te wees wat die persoonlikheidseienskappe van geskeide individue en die gevolglike graad van konflik ondersoek (Levite & Cohen, 2012:47). Fisher *et al.* (2005:21) het bevind dat individue met ʼn neurotiese persoonlikheid lei tot antagonisme ná die egskeiding. Malcore *et al.* (2010:52) rapporteer dat daar blyk bewyse te wees dat individue met ʼn verdedigende persoonlikheidstyl meer geneig is om betrokke te raak in ʼn hoëkonflikegskeiding. Bono *et al.* (2002:311) het bevind dat eggenote se vlakke van ekstraversie en pligsgetrouheid geassosieer is met individue se geneigdheid

om verhoudingskonflik te rapporteer en die outeurs kom tot die gevolgtrekking dat daar verskeie maniere is hoe persoonlikheid geassosieer word met konflik (Bono *et al.* 2002:311). Verdere navorsing om die rol van persoonlikheid in hoëkonflikegskeidings te verifieer, behoort onderneem te word sodat maatskaplike werkers in die praktyk begelei kan word.

- Daar is bevind dat emosionele intelligensie ŉ rol speel binne hoëkonflikegskeidings. ŉ Groter begrip ten opsigte van die betrokke partye se emosionele prosesse behoort gepaard te gaan met meer konstruktiewe gedrag wat, soos Anderson *et al.* (2011:15) verduidelik, tot gevolg het dat die ouers eerder fokus op die kwessie as die persoon. Verdere navorsing met spesifieke fokus op die verhouding tussen die emosionele intelligensie van betrokke ouers en die post-egskeidingkonflik behoort onderneem te word sodat maatskaplike werkers in die praktyk deur bewese feite begelei kan word.
- Daar is bevind dat ouers se gebrek aan aanvaarding van die egskeiding kan lei tot die ontwikkeling van hoë vlakke van konflik. Vergifnis is ŉ parallelle proses van aanvaarding en Karremand en Van Lange (2008:228) verduidelik dat vergifnis ŉ funksionele rol binne die onderhouding en gesondheid van die verhouding speel. Die terugkeer na pro-verhoudingsgedrag (soos onder andere akkommodering en aanpassing, versoening, samewerking, bereidheid tot opoffering) word deur bereidheid tot vergifnis bevorder en sal tot die voorkoming van konflik bydra. Verdere navorsing is nodig om vas te stel of vergifnis bloot bydra tot beter mede-ouerskapsverhoudings (Bonach & Sales. 2002; Bonach, 2007; Reilly, 2014:03; Rye *et al.* 2012) en of daar ŉ verhouding is tussen die gebrek aan vergifnis (aangesien aanvaarding teenwoordig kan wees sonder vergifnis) en hoë vlakke van konflik na die egskeiding.
- Alhoewel daar in hierdie studie bevind is dat gebrekkige interpersoonlike vaardighede ŉ sosiale merker van hoëkonflikegskeidings is, blyk daar nie baie navorsing beskikbaar te

wees wat hierdie sosiale merker in detail ondersoek nie. Verdere navorsing rakende die rol van gebrekkige interpersoonlike vaardighede binne hoëkonflikegskeidings behoort onderneem te word sodat maatskaplike werkers in die praktyk begelei kan word.

- Onlangse literatuur rakende valse aanmeldings van kindermishandeling blyk skaars te wees (Katz *et al.* 2019:06; Smit, Antokolskaia & Bijleveld, 2015:1373). Verdere navorsing rakende valse aanmeldings van kindermishandeling binne die konteks van hoëkonflikegskeidings behoort onderneem te word sodat maatskaplike werkers in die praktyk begelei kan word.
- Die literatuur rapporteer dat daar nog nie ʼn behandelingsplan vir hoëkonflikegskeidings ontwerp is wat sukses waarborg nie. Verdere navorsing in verband met die rol van ouers se onvoldoende kennis rakende die egskeidingsproses en ook behandelingsplanne om hierdie nodige kennis te voorsien, behoort onderneem te word sodat maatskaplike werkers in die praktyk begelei kan word.
- Alhoewel daar bevind is dat toegang tot en beheer van kinders ʼn sosiale merker in hoëkonflikegskeiding is, is daar beperkte melding gemaak van die verhoogde kompleksiteit ten opsigte van kinders met spesiale behoeftes. Literatuur bevind dat kinders met sodanige behoeftes kan bydra tot selfs nog hoër vlakke van konflik tussen die ouers en verdere navorsing rakende die rol van kinders met spesiale behoeftes in hoëkonflikegskeidings behoort onderneem te word sodat maatskaplike werkers in die praktyk begelei kan word.
- Die sosiale merkers is geïdentifiseer, maar inligting oor die gewig van elke merker ontbreek. Dra al die merkers byvoorbeeld in gelyke mate by tot die konflik of is daar merkers wat ʼn groter bydrae lewer as ander? Is daar merkers wat ʼn noodsaaklike voorwaarde vir die ontwikkeling van hoëkonflikegskeidings is en waarsonder dit nie sal plaasvind nie ongeag die teenwoordigheid van ander merkers? ʼn Kwantitatiewe studie

rakende die bogenoemde sosiale merkers behoort onderneem te word sodat statistiese terugvoer rakende die relatiewe bydrae van elk van die sosiale merkers verkry kan word.

## 4. BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG

Die studie is gebaseer op die argument dat daar ŉ leemte bestaan in die literatuur rakende die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Alhoewel daar geen konsensus bestaan rakende die konseptuele basis van hoëkonflikegskeidings nie (Polak & Saini, 2019:117), het die studie daarin geslaag om potensiële sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings binne die Suid-Afrikaanse konteks te identifiseer. Nuwe vrae en verdere leemtes is egter ook geïdentifiseer.

## 5. BYDRAE VAN DIE NAVORSING

Die sosiale merkers (faktore wat kan bydra tot die ontstaan van hoë vlakke van konflik tussen partye gedurende of na die egskeiding) wat in hierdie studie geïdentifiseer word, kan in die toekoms gebruik word om die vroeë opsporing van hoëkonflikegpare moontlik te maak. Hierdie deeglike evaluering van die (hoëkonflik)egpaar kan sodoende die forensiese maatskaplike werker in staat stel om aanbevelings te maak wat die betrokke ouers toegang tot terapeutiese bystand kan gee wat hierdie hoë vlakke van konflik vroegtydig aanspreek en behandel. Hierdie aanbeveling vir gepaste intervensie kan dus daarop fokus om die ouers te help om die behoeftes van die kinders ná ŉ egskeiding te prioritiseer, om ouerlike kapasiteit te verhoog en ŉ ouerlike vennootskap te bou.

Daarby kan die forensiese maatskaplike werker ook die hof met gepaste aanbevelings bedien. Hierdie aanbeveling kan dan bewyse wat die bevindinge van die egskeiding as “hoëkonflik” bestempel bevat, wat gevolglik die betrokke kinders kan beskerm teen die destruktiewe uitwerking van hoë vlakke van konflik tussen ouers. Hierdie aanbeveling kan bewyse vir die bevinding van

die egskeiding as hoëkonflik insluit. Hierdie insluiting van inligting kan die betrokke kinders beskerm teen die destruktiewe uitwerking van hoë vlakke van konflik tussen ouers.

## 6. BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

ʼn Beperking van die studie is die tekort aan kwantitatiewe metings van die deelnemers se ervarings, kennis en begrip rakende die sosiale merkers van hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is, ten einde ʼn vergelyking tussen die eintlike en waargenome data te kan uitvoer. Verdere kwantitatiewe studies ten einde die ervarings, kennis en begrip te kwantifiseer kan verrykend wees, asook ʼn duideliker aanduiding van die felheid van die ervarings gee.

ʼn Verdere beperking van die studie is die steekproefgrootte en -konteks. Hierdie is ʼn kwalitatiewe studie wat beteken dat die resultate geldig is tot privaat maatskaplike werkers in die noordelike en suidelike voorstede van Kaapstad wat met ʼn gemiddelde sosio-ekonomiese klas kliënt werk. Die spesifieke konteks is dus baie belangrik aangesien dit die veralgemeenbaarheid daarvan beperk.

Laastens, die verskynsel van hoëkonflikegskeidings en die menslike gedrag betrokke kan nie vanuit die vakgebied maatskaplike werk alleen bestudeer en verklaar word nie. Ander vakgebiede, soos sielkunde, kan ʼn waardevolle bydrae tot die deeglike verstaan van geïdentifiseerde sosiale merkers voorsien.

## 7. BRONNELYS


Anderson, S.R., Anderson, S.A., Palmer, K.L., Mutchler, M.S. & Baker, L.K. 2011. Defining high conflict. *The American Journal of Family Therapy*, 39(1):11–27.

Bonach, K. & Sales, E. 2002. Forgiveness as a mediator between post-divorce cognitive processes and coparenting quality. *Journal of Divorce & Remarriage*, 38(2):17-38.

Bonach, K. 2007. Forgiveness intervention model: application to co-parenting postdivorce. *Journal of Divorce & Remarriage*, 48(1/2):105-123.

Bono, J.E., Boles, T.L., Judge, T.A. & Lauver, K.J. 2002. The role of personality in task and relationship conflict. *Journal of Personality*, 70(3):311-344.

Eddy, B. (2016). *High conflict people in legal disputes*. Unhooked Books.

Fisher, P. 2012. Identifying and Managing Difficult, High-Conflict Personality Clients. *Probate & Property*, 26(1):56-62.

Fisher, T.F., De Graaf, P.M. & Kalmijn, M. 2005. Friendly and antagonistic contact between former spouses after divorce: patterns and determinants. *Journal of Family Issues*, 26(8):1131-1163.

Karremans, J.C. & Van Lange, P.A. 2008. Forgiveness in personal relationships: its malleability and powerful consequences. *European Review of Social Psychology*, 19(1):202-241.

Katz, C., Glucklich, T., Piller, S. & Matty, D.E. 2019. Between chaos and danger: spotlighting social workers' views in cases of child maltreatment accusations in the context of high-intensity parental disputes. *Children and Youth Services Review*, 107(2019),1-7.

Levite, Z. & Cohen, O. 2012. The tango of loving hate: couple dynamics in high-conflict divorce. *Clinical Social Work Journal*, 40(1):46–55.

Malcore, S.A., Windell, J., Seyuin, M. & Hill, E. 2010. Predictors of continued conflict after divorce or separation: evidence from a high-conflict group treatment program predictor of continued conflict after divorce or separation: evidence from a high-conflict group treatment program. *Journal of Divorce & Remarriage*, 51(1):50–64.

Polak, S. & Saini, M. 2019. The complexity of families involved in high-conflict disputes: a post-separation ecological transactional framework. *Journal of Divorce & Remarriage*, 60(2):117-140.

Reilly, E.W. 2014. *The use of forgiveness in high-conflict divorce: a study of a psycho-educational approach to increasing forgiveness and co-parenting*. Asbury Theological Seminary. (Dissertation – Doctor of ministry)

Rye, M.S., Fieri, A.M., Moore, C, Worthington, E.L., Wade, N.G., Sandage, S.J. and Cook, K.M. 2012. Evaluation of an intervention designed to help divorced parents forgive their ex-spouse. *Journal of Divorce & Remarriage*, 55(3):231-245.

Smit, A.E., Antokolskaia, M.V. and Bijleveld, C.C. 2015. Between Scylla and Charybdis: a literature review of sexual abuse allegations in divorce proceedings. *Psychology*, 6(11):1373-1384.

Visser, M., Finkenauer, C., Schoemaker, K., Kluwer, E., Van der Rijken, R., Van Lawick, J., … & Lamers-Winkelman, F. 2017. I'll never forgive you: high conflict divorce, social network and co-parenting conflicts. *Journal of Child and Family Studies*, 26(11):3055-3066.

# ADDENDUMS

## Addendum A: Etiese Toestemmingsbrief vir Studie

Private Bag X1290, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: 086 016 9698
Web: http://www.nwu.ac.za/

**North-West University Health Research Ethics Committee (NWU-HREC)**

Tel: 018 299-1206
Email: Ethics-HRECApply@nwu.ac.za (for human studies)

4 December 2019

### ETHICS APPROVAL LETTER OF STUDY

Based on approval by the North-West University Health Research Ethics Committee (NWU-HREC) on 04/12/2019, the NWU-HREC hereby approves your study as indicated below. This implies that the NWU-HREC grants its permission that, provided the general and specific conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the study may be initiated, using the ethics number below.

**Study title: Sosiale merkers van hoë konflik egskeiding waar kinders betrokke is**
**Principal Investigator/Study Supervisor/Researcher: Dr S Smith**
**Student: C Zeeman - 25539558**

**Ethics number:**

| N | W | U | - | 0 | 0 | 9 | 3 | 1 | - | 1 | 9 | - | A | 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Institution | | | | Study Number | | | | | | Year | | | Status | |

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

**Application Type: Single study**
**Commencement date: 04/12/2019**
**Expiry date: 28/02/2021**

**Risk:** **Minimal**

**Approval of the study is provided for a year, after which continuation of the study is dependent on receipt and review of an annual monitoring report and the concomitant issuing of a letter of continuation. A monitoring report is due at the end of February annually until completion.**

**General conditions:**

*While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, the following general terms and conditions will apply:*

- *The principal investigator/study supervisor/researcher must report in the prescribed format to the NWU-HREC:*
  - *Annually on the monitoring of the study, whereby a letter of continuation will be provided annually, and upon completion of the study; and*
  - *without any delay in case of any adverse event or incident (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the study.*
- *The approval applies strictly to the proposal as stipulated in the application form. Should any amendments to the proposal be deemed necessary during the course of the study, the principal investigator/study supervisor/researcher must apply for approval of these amendments at the NWU-HREC, prior to implementation. Should there be any deviations from the study proposal without the necessary approval of such amendments, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.*
- *Annually a number of studies may be randomly selected for active monitoring.*
- *The date of approval indicates the first date that the study may be started.*

- *In the interest of ethical responsibility, the NWU-HREC reserves the right to:*
  - *request access to any information or data at any time during the course or after completion of the study;*
  - *to ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process;*
  - *withdraw or postpone approval if:*
    - *any unethical principles or practices of the study are revealed or suspected;*
    - *it becomes apparent that any relevant information was withheld from the NWU-HREC or that information has been false or misrepresented;*
    - *submission of the annual monitoring report, the required amendments, or reporting of adverse events or incidents was not done in a timely manner and accurately; and/or*
    - *new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.*
- *NWU-HREC can be contacted for further information via Ethics-HRECApply@nwu.ac.za or 018 299 1206*

The NWU-HREC would like to remain at your service and wishes you well with your study. Please do not hesitate to contact the NWU-HREC for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely,



Digitally signed by Prof Petra Bester
Date: 2019.12.04 15:42:10 +02'00'

Chairperson NWU-HREC

Current details:(23239522) G:\My Drive\9. Research and Postgraduate Education\9.1.5.4 Templates\9.1.5.4.2_NWU-HREC_EAL.docm
20 August 2019

File Reference: 9.1.5.4.2

## Addendum B: Dokument vir Ingeligte Toestemming vir deelname aan 'n Semi-gestruktureerde Onderhoud

NWU® NORTH-WEST UNIVERSITY NOORDWES-UNIVERSITEIT YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

Private Bag X1290, Potchefstroom
South Africa 2520
Tel: +2718 299-1111/2222
Fax: +2718 299-4910
Web: http://www.nwu.ac.za

NWU Health Research Ethics Committee
(NWU-HREC)
Faculty of Health Sciences
2019 -12- 04
NWU

**HREC Stamp**

### INFORMED CONSENT DOCUMENTATION TO PARTICIPATE IN A SEMI-STRUCTURED INTERVIEW

**TITLE OF THE RESEARCH STUDY: SOSIALE MERKERS VAN HOË KONFLIK EGSKEIDING WAAR KINDERS BETROKKE IS**

**ETHICS REFERENCE NUMBERS: NWU-00931-19-S1**

**STUDY LEADER: DR SUFRAN SMITH**

**POST GRADUATE STUDENT:CARIEN ZEEMAN**

**ADDRESS: 19 Welgemoed Greens, Sturke Street, Welgemoed, Cape Town**

**CONTACT NUMBER:** 078 694 5221

You are being invited to take part in a **research study** that forms part of a Masters degree. Please take some time to read the information presented here, which will explain the details of this study. Please ask the researcher or person explaining the research to you any questions about any part of this study that you do not fully understand. It is very important that you are fully satisfied that you clearly understand what this research is about and how you might be involved. Also, your participation is **entirely voluntary** and you are free to say no to participate. If you say no, this will *not* affect you negatively in any way whatsoever. You are also free to withdraw from the study at any point, even if you do agree to take part now.

This study has been approved by the **Health Research Ethics Committee of the Faculty of Health Sciences of the North-West University (**NWU-00931-19-S1**)** and will be conducted according to the ethical guidelines and principles of Ethics in Health Research: Principles, Processes and Structures (DoH, 2015) and other international ethical guidelines applicable to this study. It might be necessary for the research ethics committee members or other relevant people to inspect the research records.

**What is this research study all about?**

- *The aim of this study is to identify social markers in cases of high conflict where children are involved.*
- *This study will be conducted in the City of Cape Town and the Cape Winelands District, at the participants' offices and will be conducted by an experienced social worker who is trained to conduct semi-structured interviews. There will be approximately 12 participants in the study.*

**Why have you been invited to participate?**

- *You have been invited to be part of this research because you are currently a registered social worker stationed in Cape Town Metropole or Cape Winelands District, with at least five years of experience and working with high conflict divorce cases where children are involved. You are also able to communicate in English or Afrikaans.*
- *You will unfortunately not be able to take part in this study if you are involved in other research projects or if you are not available on the day of the interviews.*

**What will be expected of you?**

- *You will be expected to participate in a face to face semi-structured interview with the researcher at a time convenient to you. You will have the opportunity to assist the researcher to identify social markers in cases of high conflict where children are involved. It will be expected of you to answer five open ended questions. The duration of the interview will be approximately one hour.*
- *The interviews will be voice recorded.*
- *Your participation is voluntary therefore you must give written informed consent as well as consent to be audio recorded.*
- *You will not be forced to participate in this study and can withdraw at any time form the study.*
- *You will be one of approximately 12 participants that will be interviewed.*

**Will you gain anything from taking part in this research?**

- *The are no direct benefits for you as a participant in the proposed study but through the study you will be able to share or provide information that will assist the researcher to identify social markers in cases of high conflict where children are involved.*
- *Your input may ultimately contribute to the design of relevant interventions that may assist social workers to identify social markers of high conflict in cases of divorce where children are involved. This may also result in the protection of children against the destructive conflict of their parents.*

**Are there risks involved in you taking part in this research and what will be done to prevent them?**

- *The risks to you in this study are minimal. The topic is of an intellectual nature. The researcher is aware that time pressure, frustration, boredom and fatigue could also form part of some of the risks involved but will be limited by the researcher. The researcher will conduct the interviews in the shortest possible time and will give body breaks when necessary. The interview itself will be of a research nature.*
- *The interview will also not cover any sensitive topics.*

**How will we protect your confidentiality and who will see your findings?**

- *Confidentiality refers to information provided be done so in confidence and thus kept private. Anonymity will be ensured in the study. Anonymity refers to the lack of an individual's features and characteristics in order to keep the individual unknown. During the transcription, data will be coded to ensure that no link can be made to a specific participant. Privacy will be ensured by the way data will be captured, changing identifying data during transcription and deleting the digital recordings once data have been transcribed. Privacy will be maintained, in that no participant's name will be disclosed or linked with a particular response. The researcher will collect electronic data in the form of audio recordings as well as written data. The written as well as audio data will be stored on a memory stick as well as a cloud after the completion of the interviews. This data on the memory stick and the cloud will be password protected and encrypted. Only the researcher, her study leader and the person responsible for coding the data, will have access to the data. The raw data as well as the memory stick will be locked away in a lockable cabinet in a lockable office at all times, when not in use. After the data is transcribed, the researcher will delete the data and the transcribed data will be stored as explained. Once the research is completed, the raw data as well as the memory stick will be saved at the offices of the Research Entity named Compress in a locked cabinet. After five years all data will be destroyed.*

**What will happen with the findings or samples?**

- *The findings of the study will only be used for the purpose of this study. This is a once off collection and the data will be interpreted and included in an article which may be disseminated to the public in the Journal of Social Work/Maatskaplike Werk, during the year 2020*

**How will you know about the results of this research?**

- *The researcher will ask you during the interviews the method you would prefer a summary of the results to be disseminated. Options to choose from can include an e-mail or personal interviews with the participants.*

**Will you be paid to take part in this study and are there any costs for you?**

- *This study is funded by the researcher herself. Participants will not be compensated for taking part in this study.*
- *Interviews will be held during office hours at a time convenient to you and during your personal time.*
- *The researcher will personally travel to your respective office for the collection of data and the location of the meeting will be arranged with each one of you beforehand.*
- *You will receive a token of appreciation to thank you for your endurance to participate in the research. The token of appreciation will be in a form of a pen with a logo of the North-West University on it.*
- There will thus be no costs involved for you, if you do take part in this study.

**Is there anything else that you should know or do?**

- You can contact Carien Zeeman at 078 694 5221 if you have any further questions or have any problems.
- You can also contact the Health Research Ethics Committee via Mrs Carolien van Zyl at 018 299 1206 or carolien.vanzyl@nwu.ac.za if you have any concerns that were not answered about the research or if you have complaints about the research.
- You will receive a copy of this information and consent form for your own purposes.

**Declaration by participant**

By signing below, I ………………………………………………… (Name and Surname) agree to take part in the research study titled: ***Social markers in high conflict divorces where children are involved.***

I declare that:

- I have read this information/it was explained to me by a trusted person in a language with which I am fluent and comfortable.
- The research was clearly explained to me.
- I have had a chance to ask questions to both the person getting the consent from me, as well as the researcher and all my questions have been answered.
- I understand that taking part in this study is **voluntary** and I have not been pressurised to take part.
- I may choose to leave the study at any time and will not be handled in a negative way if I do so.
- I may be asked to leave the study before it has finished, if the researcher feels it is in the best interest, or if I do not follow the study plan, as agreed to.

Signed at (*place*) ...................................................... on (*date*) ............................... 20....

................................................................
**Signature of participant**

**Declaration by person obtaining consent**

I *(name)* ............................................................ declare that:

- I clearly and in detail explained the information in this document to

  ..........................................................
- I did/did not use an interpreter.
- I encouraged him/her to ask questions and took adequate time to answer them.
- I am satisfied that he/she adequately understands all aspects of the research, as discussed above
- I gave him/her time to discuss it with others if he/she wished to do so.

Signed at (*place*) ...................................................... on (*date*) ............................... 20....

................................................................
**Signature of person obtaining consent**

**Declaration by researcher**

I *Carien Zeeman,* declare that:

- I had the information in this document explained by Mrs Lejeanne Nel who I trained for this purpose;
- I did not use an interpreter;
- I was available should he/she want to ask any further questions;
- The informed consent was obtained by an independent person;
- I am satisfied that he/she adequately understands all aspects of the research, as described above;

- I am satisfied that he/she had time to discuss it with others if he/she wished to do so;

Signed at (*place*) ........................................................ on (*date*) ............................. 20....

..............................................................
**Signature of researcher**

Current details: (23239522) G:\My Drive\9. Research and Postgraduate Education\9.1.5.6 Forms\HREC\9.1.5.6_HREC_ICF_Template_Apr2018.docm
25 April 2018

File reference: 9.1.5.6

# Addendum C: Onderhoudskedule

**Navorser:** Mrs Carien Zeeman

**Studieleier:** Dr S Smith

| “Sosiale Merkers van Hoëkonflikegskeidings waarby kinders betrokke is” |
|---|

**ONDERHOUDSKEDULE**

1. Uit u ervaring, wat veroorsaak die ontwikkeling van hoëkonflikvlakke gedurende egskeidings?
2. Watter rol speel jou betrokke kliënte se persoonlikheid, emosionele funksionering en vermoë om die verlies van die huwelik te hanteer in die egskeidingsproses?
3. Vertel my meer van jou kliënte wat betrokke is by hoëkonflikegskeidings se bewustheid van die realiteit?
4. Wat is die impak van beide partye se finansiële omstandighede op die egskeidingsproses?
5. Tot watter mate speel die toegang tot en hantering van die kinders 'n rol in beide partye se persepsie van hoeveel mag hulle tot hul beskikking het?